IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA H55

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85 — DELMAS

1987-03-12

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR: MNR. W.F. KRÜGEL

NAMENS DIE STAAT:
ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:
ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 192

(Bladsye 9 935 - 9 995)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 12 MAART 1987.

MORAKE PETRUS MOKOENA, v.o.e. (Deur tolk)

MNR. JACOBS : U Edele, ek verstaan al die beskuldigdes is in die hof.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Mokoena, toe julle by UDF aangesluit het en Nkondo-hulle gekom het om julle in te lig aangaande UDF, was die UDF deklarasie en werksbeginsels, "working principles" aan julle verskaf? -- Ja, hulle het melding daarvan gemaak dat daar "working principles" is en die "declaration."

HOF : Het hulle dit net gemeld of het hulle dit verskaf ook? -- Dit was net gemeld.

MNR. JACOBS : Het julle dit bekom? Het hulle vir julle gesê voordat julle kan aansluit dan moet julle die deklarasie bestudeer en kyk of julle daarmee saamstem en dan kan julle aansluit? -- Nee, dit was nie gedoen nie.

Het julle dit bekom? -- Nee.

Nou wat het hulle dan vir julle gesê van die werksbeginsels en die deklarasie? -- Hulle het gesê die grondwet van UDF bestaan uit die twee.

En wat het hulle gesê wat beteken dit dat daar so 'n grondwet is wat die twee uitmaak? -- Hulle het nie verduidelik nie.

Het julle nie probeer vasstel wat is die grondwet van UDF nie? -- Volgens wat hulle daar gesê het, het ons dit aanvaar as die grondwet van die UDF. Wat hulle gesê het het ons aanvaar.

HOF : Laat ons net duidelikheid kry. Het u probeer vasstel wat die inhoud is van die grondwet? -- Nee.

MNR. JACOBS : Nooit nie? -- Nee.

So/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

So, jy weet nie wat is die grondwet van UDF en wat is hulle deklarasie en waarop dit staan nie? -- Ons het net daarvan gehoor dat daar dokumente is wat, soos u dit aan my stel, so genoem word, maar ons het nog nie die inhoud daarvan bestudeer nie.

Is dit nie gesê julle moet dit gaan kry by die kantore voordat julle kan aansluit nie? -- Nee.

HOF : Het ERPA ŉ konstitusie, u eie vereniging? -- Ja.

ŉ Geskrewe konstitusie? -- Ja.

MNR. JACOBS : Was dit nie aan julle gesê wat die vereistes van die UDF is vir lidmaatskap nie? -- Soos ek alreeds vroeër verduidelik het, dat hulle gesê het ons sal die R100,00 aansluitingsfooie moet betaal om as lede beskou te word of as ŉ lid beskou te word by UDF.

Ek wil vir jou uit die "working principles" lees wat die vereistes is vir lidmaatskap, dan wil ek nou hoor het hulle dit aan julle verduidelik? Dit is BEWYSSTUK A1 6.1. Ek sal hom heeltemal deurlees. "All regional formations and member organisations shall have complete independence within the umbrella of the United Democratic Front provided that actions and policies of members are not inconsistent with the policy of the UDF." Was dit aan julle verduidelik daar deur hierdie mense? -- Al wat hulle verduidelik het daar is dat die organisasie sal maar "autonomous" bly al het hy al aangesluit by UDF.

Het hulle nie verduidelik ook dat "provided the actions and policies of members are not inconsistent with the policy of the UDF"? -- Nee, dit kan ek nie onthou nie.

Is dit moontlik dat hulle dit wel verduidelik het en dat jy dit net nie onthou nie? -- Ja.

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ek wil dan op dieselfde dokument paragraaf 5.2 aan jou lees. Dit is wat UDF stel wat hulle vereistes is vir 'n organisasie om by hulle aan te sluit. Was dit aan julle verduidelik soos dit hier staan "All organisations which are prepared to commit themselves to the declaration, policy and to the program of action will be eligible to make an application for affiliation through the regional councils"? -- Nee.

'n Organisasie moet mos weet wanneer kan hy aansluit en wat sy regte en verpligtinge is? -- Wat is die vraag nou daar?

Is dit nie so nie dat 'n organisasie moet weet wat sy regte is, soos julle organisasie ERPA, en verpligtinge as hulle affilieer by UDF? -- Kyk, toe ons na UDF toe gegaan het om by hulle te affilieer, was dit nie met die bedoeling dat UDF nou vir ons gaan sê hoe om te werk te gaan nie. Dit was net met die oog daarop om by hulle aan te sluit, maar nogtans sal ons ons eie besluite neem en eie prosedure volg.

Wil jy nou hê die Hof moet glo dat by UDF sou julle aangesluit het sonder dat julle enige verpligtinge teenoor UDF self het? -- Ja.

Het jy gedink UDF moet alles doen en julle moes niks bydra tot UDF nie? -- Dit sou van ons diskresie afgehang het of ons in staat is of bereid is om enigiets te doen vir UDF by dit wat gedoen word.

Hoekom het julle UDF se "million signature" kampanje opgeneem? -- Omdat ons teen die apartheid was.

Is daar enigsins aan julle verduidelik wat die deklarasie van UDF is? -- Nee, ek kan nie onthou dat dit gedoen was nie. Ek weet nou nie of dit van watter dokument af gekom het nie, maar wat verduidelik was deur die persoon daar was dat die grondwet van UDF bestaan uit die "declaration" en die



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

"working principles".

Was hierdie aspek van die deklarasie daar aan julle verduidelik? Ek wil vir jou verduidelik op bladsy 5. Die paragrafie net voor daardie hele deel wat in hoofletters gedruk is "Mindful of the fact that the new constitutional proposals and Koornhof measures will further entrench apartheid and the White domination, we commit ourselves to uniting all our people wherever they may be in the cities and countryside, the factories and mines, schools, colleges and universities, houses and sports fields, churches, mosques and temples to fight for our freedom." Is dit nie aan julle daar verduidelik dat dit is die hoofdoel van die UDF nie? -- Wat aan ons verduidelik was is die volgende, soos ek al vroeër gesê het. Die persoon het gesê UDF is nie kieskeurig watter organisasie by hulle kan aansluit nie.

Maar my vraag aan jou is, julle het mos hierdie mense genooi daar na julle toe om vir julle te kom sê wat UDF is. Was dit toe nie aan julle verduidelik die hoofdoel van UDF soos dit hier staan in die deklarasie, die grondwet soos jy dit noem nie? -- Nee, dit was nie.

Is daar enigiets gesê vir julle waarvoor UDF staan? Waarvoor hulle veg? -- Dit is wat ek alreeds vroeër gesê het dat hulle teen die nuwe konstitusie was en die Koornhof "bills".

Wat is aan julle verduidelik hoe veg hulle daarteen? -- Hulle het dit nie verduidelik nie.

Was daar aan julle verduidelik wat UDF dan wil hê in die plek van die grondwet en die Koornhof "bills", om dit so te noem? -- Nee, dit was nie verduidelik nie.

<u>HOF</u> : Wat het u verstaan onder die Koornhof "bills"?

Dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Dit was die wet aangaande die Black Local Authorities, die beheer of die inwerkingstelling van die Administrasierade en die wet wat hulle sou toegepas het in die plek van die instromingsbeheer. "Bantu orderly movement and resettlement of Black persons."

MNR. JACOBS : Was jy en die mense in ERPA dan bereid om by UDF te affilieer omdat hulle veg teen die nuwe konstitusie en die Koornhof wette? -- Ja.

En bereid om saam met UDF en sy geaffilieerdes te veg teen die nuwe konstitusie en die Koornhof wette?-- Ja.

En al hierdie aksies wat daar in die Vaal was waaraan julle deelgeneem het, eerstens die protesaksie teen die fees, was deel daarvan gewees? -- Nee.

En die aksie wat julle geneem het om die "million signature" kampanje te bevorder was deel van hierdie stryd teen die Koornhof wette en die nuwe konstitusie? -- Ons het daar geteken die vir "million signature campaign" wat bedoel was vir die mense wat teen dit was. Dit wil sê teen die gebruik van die apartheid.

Was die "million signature" nie juis spesifiek 'n kampanje wat gevoer was as propaganda teen die nuwe konstitusie en die Koornhof wette nie? -- Al wat ek weet oor die "million signature campaign" is dat dit geteken word deur mense wat teen apartheid is.

U sien, jy is nie eerlik met die Hof nie, want hierdie bewysstuk wat in jou besit was, BEWYSSTUK AS1 en wat jy gelees het, sê in die eerste paragraaf uitdruklik "The content of the signature form can be summarised as follows. (1) Rejection of the new constitution act. (2) Rejection of the Koornhof laws."



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MR BIZOS : My Lord, the evidence of the witness is that he - it is true that he was found in possession of the first document and that it was together with the document on which people were to sign. He has not yet said that he studied the first document in the AS series and what I would suggest with respect is that if anything is to be put to the witness, is the document itself which he says he helped people to get signatures.

MNR. JACOBS : U Edele, My Geleerde Vriend is heeltemal verkeerd daarmee, want hy het nie rekening gehou met die getuienis van die getuie dat terwyl hulle geteken het die dag was hierdie vorm beskikbaar daar nie. Hy sê hy het hom gelees daar terwyl die mense hom geteken het. Dit was sy getuienis.

HOF : Maar wag nou net so ŉ bietjie. Is dit dokument 1 van AS1 waarna u verwys of dokument 2 van AS1?

MNR. JACOBS : Dokument 1 van AS1.

HOF : Ek was onder die indruk dat dit dokument 2 van AS1 was gelees was terwyl die mense geteken het.

MNR. JACOBS : U kan onthou ek het hom ondervra op elkeen van hierdie goed afsonderlik.

HOF : Ja, ek onthou dit.

MNR. JACOBS : Hy het gesê hy het dit gelees daar die dag. Hy het gesê daar was ŉ paar eksemplare van hierdie AS1 deel.

HOF : Laat ek ŉ bietjie kyk wat is my aantekeninge.

MR TIP : I wonder if it might assist Your Lordship to be referred to the page and the volume. It is in volume 189 and it seems that the cross-examination begins at page 9 828.

HOF : Op bladsy 9 828 sien ek nie dat hy sê dat hy die

dokument/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dokument ken nie, in die sin dat hy dit bestudeer het nie. Ek het 'n ander deel in gedagte en dit is waar die handtekeninge geneem is. Daar het hy 'n dokument bestudeer. Ek sal net kyk of ek dit kan vind. My nota is, as ek die ding nou reg vertolk OS6 wat ek nou meegedeel word dieselfde is as die tweede dokument by AS1 deur hom ontvang is na die dag waarop die handtekeninge kampanje gevoer is deur hulle. Dit is gesê net na tee op die betrokke dag van die kruisondervraging. So, ons behoort dit baie maklik te kan vind.

MR TIP : I do not know if I have the same passage as Your Lordship is referring to, but 9 833, at the foot of that page.

COURT : I am busy reading 9 832. I think that is approximately where I should look for it, where I asked you - where you gave me the number of a copy of that form.

MR TIP : That is so and at the foot of 9 833 My Learned Friend says "Watter dag sê jy het jy dit gehoor? - Dit is na die goed in my hande gekom het, dit wil sê na die uitvoering van die miljoen handtekeninge wat bekom was."

HOF : Dit is my indruk ook, dit het toe gegaan oor die plaaslike eis wat ingevoeg kan word en dit het hy eers later verneem, het hy gesê. Gaan u voort met die vraag?

MNR. JACOBS : Ek sal 'n ander vraag vra in die tussentyd. Hierdie dokument wat in jou besit was, BEWYSSTUK AS1, het jy daardie dokument gelees?

HOF : AS1 eerste dokument of AS1 tweede dokument?

MNR. JACOBS : AS1 eerste dokument. -- Ja, dit is die dokument.

Het u hom gelees terwyl hy in u besit was? -- Ja, ek glo ek het dit gelees.

Nee, sê vir ons, het jy hom gelees of het jy hom nie

gelees/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gelees nie? -- Hoekom ek nie met sekerheid kan sê of ek hierdie spesifieke dokument gelees het wat die inhoud daarvan was nie, is omdat ek eers hierdie dokument tesame met ander dokumente later bekom het, dit wil sê na die dag van die handtekeninge wat ons bekom het daar. Dit is hoekom ek sê dat ek dit twyfelagtig gelees het, omdat as ek so na dit kyk, sien ek sekere dinge waarvan ek weet wat bevat word in hierdie dokument. Ek kan dus nie met sekerheid sê dat ek dit wel gelees het nie.

Na dit toe jy dit bekom het op 'n later stadium, het jy hom gelees? -- Ja, ek het.

En jy het gesien dat hierdie "million signature" kampanje gaan teen die nuwe konstitusie? -- Ja.

En jy het gesien dit is teen die Koornhof wette? -- Ja.

En toe jy netnou vir die Hof gesê het dit is net teen apartheid, toe was jy nie heeltemal reg gewees nie? -- Ja, ek was heeltemal reg toe ek gesê het dit is teen die apartheid.

Ek wil net seker maak van 'n ding. Die dag toe julle die mense gekry het om te teken daar by die verskillende punte, toe julle daardie blits gehou het, was daar van hierdie eerste vorm of eerste dokument van <u>AS1</u> ook daar beskikbaar? -- Nee, ek het dit nie daar gesien nie.

Kom ons gaan aan. Stem jy dan nou saam dat met die voering van die miljoen handtekeninge kampanje, het julle die UDF se kampanje teen die grondwet en teen Koornhof wette bevorder en voortgesit? -- Nee.

Kan jy vir my sê hoekom sê jy nee? Ek wil dit net verstaan? -- Want die vorm waarop 'n mens teken is duidelik gestel daar dat 'n persoon dit teken omdat die een wat

teken/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

teken teen apartheid is.

Dit is nie ŉ UDF kampanje nie, nè? -- Watter een?

Die "million signature" een? -- Dit is UDF s'n.

Jy sê dan die vorm wat jy teken, kom ons lees net daardie vorm wat jy sê wat geteken is, vorm 2 van AS1. "We, the freedom loving South Africans, declare for the whole world to know that (hulle is nie genommer nie, maar ek noem dit nommer 1) (1) We reject apartheid. (2) We support the struggle and the unity of our people against the evils of apartheid. (3) We stand for the creation of a non-demo-cratic South Africa free of oppression, economic exploitation and racism. (4) We say no to the new constitution because it will further entrench apartheid and White domination. (5) No to the Koornhof laws which wil deprive more and more African people of their birthright. (6) Yes, to the United Democratic Front, UDF, and give it our full support in its efforts to unite our people in their fight against the con-stitution and Koornhof bills." Het jy hierdie deel gelees voor daardie dag toe die vorms geteken was? -- Ja.

So, jy het kennis gedra daarvan? -- Ja.

Hier stel dit dan duidelik, ek sal net die laaste een vir jou vat "and give our full support to UDF in its efforts to unite our people in their fight against the constitution and Koornhof bills." Sê jy nou nog vir die Hof dat hierdie kampanje wat julle gevoer het van die miljoen handtekeninge is nie bevordering van UDF se kampanje teen die twee dinge, Koornhof "bills" en die nuwe konstitusie nie? -- Die een wat daar teken gee ŉ aanduiding dat hy of sy ook teen die Koornhof "bills" is en dit gee ŉ aanduiding dat jy ook maar ŉ "effort" bydra teen dit.

Ja/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ja, so jy was verkeerd gewees toe jy nou-nou gesê het dit is nie bevordering van die kampanje van UDF nie? -- Nee, dit was nie verkeerd nie. Die skryf van my handtekening daar is 'n bewys dat ek as 'n persoon soek nie apartheid nie.

En jou handtekening - het jy dit geteken? -- Ja, ek het dit geteken.

En jou handtekening sê daar verder dat jy "give full support to UDF in its effort to unite our people in their fight against the constitution and Koornhof bills." -- Ja.

Dan wil ek gaan na die vergadering van 8 April wat julle gehou het, 1984.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry oor die vergadering. Waar is hy gehou? -- Roomse Kerk, Small Farms.

MNR. JACOBS : En die vergadering was gemik, soos jy reeds vir ons vertel het, teen ook die raadslede wat nie hulle pligte gedoen het nie. Is dit reg? -- Nee, kyk, daardie vergadering was gehou daar omdat daar bedenkinge was dat die Stadsraad van Evaton verdere herbeplanning sal uitvoer deur die grond van Evaton oor te neem.

En ek stel dit aan jou verder dat dit was ook 'n vergadering in bevordering van die kampanje teen die Koornhof wette? -- Nee, dit is nie so nie. Wat ek nou net gesê het in antwoord is eintlik die korrekte verhaal met betrekking tot daardie vergadering.

En ek stel dit aan jou dat die vergadering van die 26ste was ook ... (Hof kom tussenbei)

HOF : 26 Augustus?

MNR. JACOBS : 26 Augustus 1984. Dit was ook 'n vergadering ter bevordering van die kampanje van altwee die kampanjes, die een van die "million signature" en die kampanje teen

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die Koornhof wette? -- Dit is nie die waarheid nie.

En dit is die rede waarom dan ook so sterk aangedring is dat die raadslede moes bedank op daardie vergadering?-- Dit is nie die waarheid nie.

En daarom is ook gevra dat Esau moet weer verduidelik dat die mense moet teken vir hierdie "million signature" kampanje? -- Dit is nie die waarheid nie.

En ek wil dit aan jou stel dat hierdie mense van die verskillende organisasies of groepe wat daar vergader het, eers ERPA, dan VOW, dan die jeug soos jy dit noem, dan VCA se mense wat daar gepraat het, is almal in uitvoering van hierdie een sinnetjie wat daar staan op hierdie vorm AS1 vorm 2 "and give our full support in its efforts to unite our people in their fight against the constitution and Koornhof bills." -- Dit is nie die waarheid nie. Alles wat ERPA daar gedoen het, het ERPA oor besluit sonder enige beïnvloeding van enige ander persoon sedert die besef van mense, die inwoners daar dat hulle nou hulle gronde gaan verloor in die sin dat die Administrasierade ook daar ingetree het. Eintlik het hierdie ding begin vroeg in die jare, dit is in 1964 wat dit begin het, dat die mense besef het dat hulle nou die grond gaan verloor. Dit is lank voor die
K594 bestaan van die UDF. So, dit kan nie korrek wees as u dit so stel nie.

En ek wil dit ook aan jou stel dat op daardie stadium toe julle hierdie vergadering gehou het of voor dit, het die Raad van Evaton, die dorpsraad, nooit enige resolusie aanvaar dat mense moet onteien word en dat hulle net erfpagregte vir 99 huurpag kon gekry het nie? -- Die rede is dat die Stadsraad van Evaton het bestaan uit die meerderheid

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van die lede wat ŉ besluit geneem het by die Gemeenskapsraad wat destyds verval het. Met die gevolg dat hulle verplig was om die besluite wat hulle geneem het in die tyd van die Gemeenskapsraad uit te voer en die besluite is dié wat dan hier genoem word. Al was dit nou ŉ nuwe Stadsraad gewees wat nou begin het net na die Gemeenskapsraad. Volgens die wet was hierdie Stadsraad verplig gewees om die besluite wat deur die Gemeenskapsraad geneem was uit te voer. As dit nie die geval was nie, sou die Stadsraad nie die moeilikheid geneem het om die pype te laat lê op die persele, soos besluit in die Gemeenskapsraad nie, sodat daar nou huurgelde verkry kon word vanaf die mense vir die Administrasieraad deur invordering van hierdie huurgelde as gevolg van die verdeling van die gronde om dit oor te betaal aan die Administrasieraad.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Was hierdie alles nog iets wat moes gebeur of het daar al in stukke van Evaton hierdie verdeling plaasgevind en die pype gelê? -- Daar was sekere plekke gewees wat gekies was dat die pype daar gelê moet word en eintlik was daar gedeeltes daarvan wat alreeds met die aanlê van pype begin het, omdat die Administrasieraad die grond daar by sekere gedeeltes alreeds bekom het.

As u nou praat dit het al begin, op watter stadium? Praat ons nou van middel 1984, middel 1983? Van watter tyd praat ons nou? -- Om en by Julie 1984 het ons besef dat dit nou begin. Wat ek nog verder wil byvoeg is dat dit nie net vir daardie spesifieke stukkie plek was wat hulle van gepraat het nie. Die herbeplanning was ŉ proses wat aangegaan het. Op die ou end sou daardie hele gebied daar herbeplan gewees

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het. Met die gevolg die mense sou onteien word van hulle eiendomme.

Die gewone manier is dat ŉ mens vir die hele gebied ŉ meesterplan het en dat jy hom dan in stukkies uitvoer en as ek van u reg verstaan was daar ŉ meesterplan vir die hele gebied en het hulle al begin om in stukkies te begin met die ding? -- Ja, dit is so.

ASSESSOR (MNR. KRüGEL) : Mnr. Mokoena, kan ek miskien net vra, verstaan ŉ mens reg dat dit het by u gegaan eintlik om die feit, soos wat u dit stel, dat die mense die eiendomsreg oor hulle grond sou verloor as die herbeplanning voortgaan? -- Ja.

As dit nie daarvoor was nie, sou u enige beswaar gehad het teen die herbeplanning en die verbetering van die opset daar? --Eintlik sou dit nie ŉ verskil gemaak het nie. Indien hulle nie die eiendomsreg van ons ontneem het nie, was ons tevrede met dit wat hulle wou gedoen het. Die ontwikkeling het ons aanvaar dat dit nou ŉ bevordering van die gebied is.

HOF : Kyk, noodwendig wanneer ŉ mens ŉ gebied herbeplan kry jy meer strate en dan val daar grond weg? -- Ja, dit is reg.

Het u beswaar gehad teen daardie verlies van grond? -- As gevolg van wat die Minister daar gesê het dat hy die enigste persoon is wat die reg het om oorsig te hê oor wat daar gebeur, byvoorbeeld oor die "lease hold". Hy het gesê as daar ŉ herbeplanning is en die plek is verdeel, byvoorbeeld daar is ŉ straat nou deur jou grond, al sou jy van die straat gehou het, as gevolg van die feit dat jou grond anderkant die straat is, gaan jy daardie grond nie weer eien

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie, dit gaan nou aan "lease" behoort. Dit wilsê iemand anders gaan dit nou besit onder "lease". Dit is juis die punt waaroor ons gekla het.

Ek kan dit begryp. Het die Minister nou gesê "As jou huis waarin jy bly aan die een kant van die pad is en ŉ stuk van jou grond aan die ander kant, dan verloor jy die stuk grond aan die ander kant van die pad"? -- Die Minister het die volgende gesê. Byvoorbeeld op ŉ standplaas wat nou herbeplan word. Hulle maak nou ŉ verdeling en dan kry jy twee standplase daar uit. Die een persoon wat die ander gedeelte gaan besit, sal op "lease hold" wees, maar die een wat oorspronklik op die perseel gewoon het toe dit herbeplan was en daar twee standplase gekom het, het die Minister gesê dat hy daardie persoon jammer kry en dat daardie persoon sal maar die "free hold" kan hou. Dit wil sê hy sal ŉ "title" hê wat hy oorspronklik gehad het vir daardie stukkie grond tot tyd en wyl hy dood is. Sodra hy doodgaan of die plek verkoop aan iemand anders, sou daardie plek ook weer onder "lease hold" geval het. Die nuwer koper of inwoner wat kom woon het daar, sou dan onder "lease hold" gebly het.

Kan ek net duidelikheid kry nou. U het ŉ groot stuk grond daar, neem ek aan? -- Ja.

Wat is u grond? ŉ Akker? -- Ja.

Uit ŉ akker sou hulle agt erwe kon sny? -- Ja.

Op een daarvan sou u huis staan? -- Ja.

Miskien op ŉ ander een u winkel? -- Ja.

Dan bly daar nog ses erwe oor? -- Ja.

Nou wat was die Minister se gedagte wie s'n word daardie ander ses erwe? -- Dit verloor nou die "free hold title."

Dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Dit word die Staat s'n? -- Ja.

MNR. JACOBS : Ons het nou afgedwaal van die ding. My punt wat ek aan jou wil maak is dat die Raad, die dorpsbestuur of die dorpsraad het nooit hierdie stelling wat jy nou maak wat die Minister s'n was ondersteun nie. Hulle het altyd nog aangedring op daardie oorblywende, in jou geval ses erwe, dat die kopers daarvan eiendomsreg daarvan kry, tot in ewigheid. Dit is die dorpsraad? -- Nee, daar is nie so ŉ ding nie.

Wat sê jy was die posisie gewees? -- Dit is net soos ek nou net verduidelik het dat die Minister alreeds bepaal het dat by enige stuk grond wat daar herbeplanning plaasvind, sal daardie verdeling val onder die "lease hold". Hy het toe gesê een persoon wat hy jammer kry, soos ek alreeds gesê het, is die oorspronklike eienaar van die plek wat ŉ "title" gaan hou vir die stukkie grond wat hy nog besit tot tyd en wyl hy doodgaan. Dan sal daardie "title" verval of hy besluit om dit te verkoop.

Maar my punt wat ek aan jou maak is, jy het nie geantwoord nie, die dorpsraad hier self het nooit in hulle resolusies besluit dat daar sal nou in die vervolg het huurpag wees nie. Hulle het altyd daarop aangedring en gesê daar moet gepoog word om die Minister te oorreed dat eiendomsreg in "free hold" behou word oor die hele plek en die nuwe koper ook "free hold" kry vir altyd. Dit is die punt wat ek wil maak en dit is ŉ maklike punt. -- Dit is glad nie so nie. Hulle kant met die Minister. Soos ek nou hier staan is daar sekere standplase wat die Administrasieraad bekom het en die mense wou daardie standplase teruggehad het. Dieselfde Stadsraad staan en kant met die Minister.

Die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Die Administrasieraad het huise op daardie standplase gebou Hulle kry nou vandag wat ek hier staan huurgelde van daardie standplase.

Maar my punt wat ek maak is, hulle het nog altyd, hoewel die Minister ŉ beslissing geneem het en die Staat ŉ beslissing geneem het, aangedring dat daardie grond moet terugkom na die mense onder "free hold" eiendomsreg, vrypag. -- Om dit sterker te stel het hulle gesê as ŉ persoon se standplaas ŉ "re-appropriation" gemaak word, sal daardie persoon dan ŉ standplaas gaan kry by die plek wat alreeds herbeplan is.

HOF : Op vrypag? -- ŉ "Re-planned stand" beskou ons as "lease hold".

MNR. JACOBS : Maar die punt wat ek maak is dat die Stadsraad en die Gemeenskapsraad ook self het altyd geskop daarteen, hulle was daarteen dat daardie grond onder huurpag val. Hulle het altyd daarvoor geveg en hulle het nog altyd daarvoor gestaan dat daardie grond in vrypag gehou moet word in eiendomsreg? -- Nee, dit is nie reg nie. Sonder die mandaat van die gemeenskap het hulle na die Minister toe gegaan en dit voorgestel.

Wat voorgestel? -- "Re-planning".

HOF : Ja, maar "re-planning" met behoud van eiendomsreg of "re-planning" sonder behoud van eiendomsreg? -- Nee, ek wil die ding so stel. Kyk, Evaton was Swartmense se plek gewees met "free hold" en ons, die inwoners van Evaton wou nie gehad het dat die Administrasieraad enige grond moet besit daar waar hulle huurgelde sal moet kry nie en hulle wat die rade is, dit wil sê die Stadsraad of die Gemeenskapsraad, het dit toegelaat dat die Administrasieraad plekke

moet/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

moet besit daar om die huurgelde te bekom teen die wil van die mense.Sonder die toestemming van die inwoners het hulle daardie besluit geneem.

MNR. JACOBS : Sê jy nou die mense wou nie herbeplanning gehad het daar nie? -- Ja, as dit ons grond nou neem en aan die Administrasieraad gee, dan wil ons dit nie hê nie.

Maar aanvanklik, het die mense gevra vir herbeplanning? Het hulle ingestem tot herbeplanning maar met behoud van eiendomsreg in vrypag? -- Daar bestaan nie so iets nie. Weet die Hof wat? Ek staan vandag hier as ŉ beskuldigde. Ek het in die Raad gedien, omdat ek teen hierdie werk was. Geen gemeenskap was ooit ten gunste daarvan, dit wil sê die herbeplanning op enige voorwaarde nie. Dit is hoekom ek vandag hier as ŉ beskuldigde staan.

Ek wil vir jou hier lees uit ŉ petisie wat julle opgestel het destyds.

HOF : Die julle is nou wie?

MNR. JACOBS : Die mense van Evaton onder die leiding van die Evaton Residents Vigilante Association. Ek wil vir jou lees en vra of jy hierdie ding herken. "Survey of lots 12 to 29. As Evaton is now basically a urban area and no longer serves farm purposes as when it was originally sold, it is now imperative that smaller pieces of land be made available for housing and the sizes of lots referred to, the above are under the ownership, uneconomic and unprofitable. It is recommended that Community Councils should negotiate with the Administration Board that owners of such huge tracks of land should allow to get their small farms surveyed, cut up into smaller plots and sold to qualifying residents of Evaton. This recommendation excludes lots



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

13, 14, 16, 17, 20, 27, 30, 31 which have already been cut into one acre stands." Wat sê u daarvan? --Tensy ek die hele dokument kan sien en dit identifiseer, sal ek in staat wees om kommentaar daarop te lewer.

HOF : Dit is 'n geregverdigde versoek.

MNR. JACOBS : Dit is 'n hele lêer wat ons het. Miskien kan dit net uitgehaal word. Miskien kan ek net die lêer so voor hom sit dat hy net daarna kyk. -- Ja, dit is reg, daardie petisie het ek oor getuig hier in die hof. Daardie brief daar is een van die briewe waarna ek verwys het in my getuienis toe ek gepraat het van 'n petisie wat Rabotape na die Administrasieraad toe geneem het. Dié waarvan ek nou net gepraat het dat die inwoners van Evaton hulle grond wou teruggehad het wat deur die Administrasieraad bekom is, verskyn op daardie brief. Ek wil nou aan u verduidelik op dit wat u gesê het dat die Evaton Community Council is eintlik ter ondersteuning van die "free hold". Punt nommer een, daardie petisie was nie bedoel vir die Administrasieraad om dit te sien nie. Dit is wat deur Rabotape gedoen was sonder kennis van die Raad, die ander lede van die Raad waarop hy gedien het tesame met die inwoners van Evaton.

HOF : Wag so 'n bietjie. Daardie getuienis het u gegee. Stem u saam, ek het nou nie die petisie voor my nie en ek wil nie dokumente hê as dit nie absoluut nodig is nie, dat die petisie uiteensit dat die grond moet in eiendomsreg bly by die inwoners van Evaton? -- Ja.

Nou aan die hand daarvan sê die advokaat vir u dit bewys dat die Stadsraad of die dorpsraad van Evaton ook wou hê dat eiendomsreg by die inwoners bly.-- Ek sê dit is nie so nie. Dit is nie wat die dorpsraad van Evaton doen nie.

As/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

As hulle dit gedoen het, moes hulle dit bewys deur wat hulle vir die gemeenskap doen. Ek sal vir u sê, wat hulle besig is om te doen daar is eintlik gekant teen daardie petisie, want as ʼn mens na daardie petisie kyk, wil dit hê dat die grond terugbesorg moet word wat alreeds deur die Administrasieraad bekom is, maar die Gemeenskapsraad het toegelaat dat die "free hold" ontneem word omdat hulle toegelaat het dat die Administrasieraad huise bou tussen die plek van die mense waar die mense nog "free hold" het om van daardie huise af huurgeld te bekom.

Maar u sê hulle is "puppets". Kon hulle iets anders doen dan? -- Ja.

Wat kon hulle gedoen het? -- Sommer daardie herbeplanning los, dat ons net so bly daar. Ons sou ons plek self ontwikkel het, soos byvoorbeeld die water daar in Evaton. Die inwoners het toegesien dat daar water ingebring word, dit wil in die tyd van die beheer van die Kommissaris. Dit het baie korter geneem om water daar te hê as wat dit nou daar gebeur in die tyd van die Administrasieraad, dat ons kan sien dat hulle miskien besig was om iets te doen. Met ander woorde, wat ek daarby bedoel, ons gebruik ons geld en gee dit vir die Administrasieraad wat dit weer gebruik om ons plek te neem en gebruik te maak van ons eie geld wat ons vir hom gee.

MNR. JACOBS : Laat ons nou net terugkom. Ons het nou baie ver afgewyk, na die kwessie van hierdie petisie wat jy nou herken het. Stem jy saam in hierdie petisie, word in hierdie petisie vanuit die gemeenskap dat daar beplanning gedoen word, dat plekke opgemeet moet word, sekere plotte, dat die plotte moet opgesny word in erwe en dat hulle verkoop word en

dat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dat hulle - vergeet nou of eiendomsreg oorgaan en of dit huurpag is, maar net daar is die versoek van die gemeenskap dat daar beplanning gedoen word en plotte opgesny word in erwe en op gebou word? -- Nee.

HOF : Kan ek nie aan u ȟ moontlikheid stel nie, wat nou by my opkom en dit is dat die gemeenskap gevoel het daar moet ontwikkeling en beplanning kom in Evaton, want dit kon nie so aangaan nie, maar dat daar êrens langs die pad iets verkeerd geloop het en dat wat die gemeenskap wou hê in eiendomsreg by die Swartmense moes bly, toe oorgegaan het na die Administrasieraad toe? -- Ek sal dit nie so beskou nie. Kyk, Evaton is die Swartmense se gebied en die mense wil hê dat dit hulle eiendom moet bly sonder enige ander persoon wat daar kom betree, byvoorbeeld die Administrasieraad, maar die Gemeenskapsraad het toegelaat dat daar plekke moet wees wat aan die Administrasieraad behoort. Met ander woorde hulle het nie teen hierdie "free hold" of in die guns van die "free hold" gepraat nie. Hulle was maar daarteen omdat hulle dit toegelaat het en die inwoners se gevoel is dat die plek wat die Administrasieraad alreeds oorgeneem het, moet terugbesorg word aan die mense van Evaton.

MNR. JACOBS : Is jou klagte nie eintlik waarom julle so ontevrede is is omdat julle inkomste sou verloor van mense wat dan op die plotte gebly het nie? -- Nee, dit is nie van belang nie. Die hoofrede is dat die grond word oorgeneem deur die Administrasieraad.

En is die ding nie dat daar het so baie mense op daardie plotte gebly wat daarso in krothuisies moes bly wat moes huur betaal aan die eienaar van daardie huis nie? Is dit reg? -- Dit gebeur orals waar ȟ mens nou die eienaar is

van/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van ŉ plek waar mense is wat by hom huur, dat die mense moet betaal.

Was daar ŉ grootskaalse plakkery op die plotte gewees en krothuise? Ja of nee? -- Net plakkers.

Ja, mense wat nie die eienaar is van daardie plot nie wat dan daar gaan bly het in krothuisies en dan moes huur betaal ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : My Lord, I understand a "plakker" to be a person who has not got the permission of the owner to be on the land. Or am I wrong?

MNR. JACOBS : Kom ons maak dit nou duidelik dat ons nie verwarring kry nie. Daar is baie mense wat op daardie plotte gaan bly het in krothuisies.

HOF : En wat huurders was?

MNR. JACOBS : Ja, ek sou nog daarby gekom het, maar ons kan dit nou by sit en wat huurders was by die eienaars? -- Dit is nie reg nie. Daar is wel mense wat as huurders by ander mense woon daar in verskillende tipe strukture. Daar is mense wat beter huise opgesit het na hulle in swak geboude strukture gewoon het, maar die plek was nie so dig beset nie. Evaton is nie so dig beset op ŉ standplaas dat ŉ mens kan sê daar is te veel mense of daar is baie klein huisies op een erf nie. Dit is nie so nie.

Ek het nie vir jou dit gevra nie. Ek het net vir jou gevra is dit ŉ feit, het daar mense op hierdie plotte gebly, gehuur daarso in krothuisies? -- Wat se huise beskryf u?

Party sinkplaathuise, hierdie kleihuise met net die vier mure wat net ŉ dak oor? -- Nee, daar was nie van daardie klein huisies in Evaton soos u beskryf nie. ŉ Mens kon daar ŉ struktuur opgesit het van sooihuise, maar dit sou

groot/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

groot genoeg gewees het vir die persoon wat dit nodig het. Dit was vir die persoon om te besluit hoe 'n groot huis soek hy.

Kom ons maak dit makliker, was daar sooihuise met net 'n dak oor? -- Ja, daar was.

Sommer net "plain" klei, vier mure met 'n dak oor? -- Nee, dit was verdeel in kamers.

Was daar ook net sommer sinkhuise? -- Ja, daar was.

En was daar op sulke plotte heelwat sulke huise per plot? -- Nee, daar was nie so baie van hulle nie. Hulle het 'n bietjie meer geword na die Administrasieraad daar gekom het. Wag 'n bietjie, laat ek nou verduidelik. Die rede daarvoor is dat na die Administrasieraad sekere dinge oorgeneem het deur huise wat die mense bewoon het op daardie erwe is afgebreek as gevolg waarvan die mense dan alternatiewe wonings moes gaan soek het. Dit is om daardie rede dat daar meer strukture van sinkplate opgerig was omdat mense geen ander plekke gehad het om te bly nie.

Net om daardie punt van jou te neem. Dan het die mense, die Administrasieraad daardie plot opgedeel in erwe en huise gebou daar op? -- Nee, dit is nie wat hulle gedoen het nie.

Het die Administrasieraad geen huise gebou in daardie gebied nie? -- Sedert die jaar 1964 wat die Administrasieraad daar gekom het, is daar geen huise opgerig nie. Ek het die huise gesien nou kort na ek gearresteer was wat gebou was.

Daar was ook nie huur wat die Administrasieraad gekry het uit huise uit nie? -- Hy het. Byvoorbeeld later van tyd toe hy sekere standplase oorgeneem het, het hy nie

meer/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

meer daardie strukture wat daar gestaan het afgebreek nie. Dus het hy huur gekry van daardie strukture.

HOF : Is die posisie dan nou dit, die Administrasieraad het 'n klomp standplase gekoop en dan die strukture daarop laat staan en dit intussen verhoor in afwagting van die uitvoering van sy herbeplanning?-- Ja, na hy besluit het om nie meer af te breek na hy 'n standplaas gekoop het nie.

MNR. JACOBS : Ek het nou foto's wat ek verlede week laat neem het van daardie gebied in Evaton. Ek wil dit aan jou toon. Ons sal dit merk CA3.

HOF : Laat ons dit net duidelik kry. Ek sal die foto's inneem as die getuie dit identifiseer, anders nie. U moet dit eers laat identifiseer, dan kan ek dit 'n nommer gee.

MNR. JACOBS : Sal jy saamstem dit is 'n lugfoto van Evaton hierdie, Small Farms? -- Verwag u dat ek dit moet identifiseer as Evaton?

Ja, stem u saam? -- Ek het 'n bietjie lank in die tronk gebly. Daar is baie veranderinge wat aangebring is in die tyd van my afwesigheid, tensy u vir my daar 'n plek kan aandui en sê daardie plek is so 'n plek, dan sal ek kan terugdink.

HOF : Sien u nie miskien u huis op hierdie foto nie? -- Sê vir my, aan die onderkant van daardie foto, is dit sand of konkreet daar op die pad of wat is dit?

Dit is deel van die herbeplanning. Ken u niks van die foto nie, want dan wil ek nie verder met hom lol nie. -- Heel regs aan die onderkant is daar 'n rooierige struktuur, as ek nie verkeerd is nie, is dit Nhlapo se woning en daar waar die goed op die pad is wat ek dink klippe is, is Adams Road as ek nie verkeerd is nie. Volgens hierdie foto,

as/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

as daardie rooierige merk Nhlapo se woning is, behoort reg oorkant die straat ꞌn biblioteek te wees wat uitgebrand was, maar hier sien ek hy is weer heel. Ek weet nie of hulle hom weer opgerig het nie.

MNR. JACOBS : Sal jy saamstem dit is ꞌn lugfoto van ꞌn deel van Evaton? -- Dit is vir my moeilik om vir die Hof te kan sê of ek die plek herken as ꞌn gedeelte van Evaton, want dit lyk vir my daar is baie veranderinge. Byvoorbeeld, daardie strate lyk te breed vir Evaton.

HOF : Het u nie ꞌn foto van die huis van die getuie nie?

MNR. JACOBS : Dit is wat ek nou net aan hom wou getoon het. Kyk na hierdie foto en sê of hier iets is wat jy ken? Herken jy iets op hierdie foto? -- Ja, op hierdie een sien ek my huis.

HOF : En is dit u winkel hierdie waarop staan "stronger"? -- Ja.

En hierdie struktuur aan die regterkant, is dit motorhuise? -- Dit is die strukture wat ek van gepraat het dat ek van plan was om af te breek.

Is dit kamers wat u verhuur? -- Ja.

So, om dit nou net duidelik te kry, die huis met die groot teëldak, dit is ꞌn huis? -- Ja.

En ꞌn mens kan die buitelyne van u erf mooi sien op hierdie foto? -- Ja.

En die straat voor u winkel, watter straat is dit? -- Heath Road en die uitbreiding daarvan is Selbourne.

Is dit Heath Road waar u is? -- Ja.

Watter bewysstuk word dit? CA3?

MNR. JACOBS : CA3.

HOF : CA3 is dan hierdie foto waarna ons nou verwys het

waarop/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

waarop die huis is van beskuldigde nr. 6.

MNR. JACOBS : Sal jy saamstem, as jy kyk op hierdie foto oorkant jou plot op die agtergrond, daardie huise wat aan die regterkant van die pad is en aan die linkerkant van die pad, is baie gehawende krothuise, is dit nie? -- Ek kan nie onthou dat daar so 'n huis in my omgewing was nie. Daar bestaan nie so iets daar naby nie.

HOF : U meen aan die linkerkant van Heath Road soos wat ons nou na hom kyk? -- Dit is 'n huis met bakstene wat gepleister is. Al verskil wat daar is, is dat die gebou 'n bietjie lank daar staan.

U het nie geweet daar is so baie klippe op die dak nie? -- Nee, ek het nie geweet nie.

MNR. JACOBS : En die ander huise daar, sal u saamstem, as jy aan die heel bokant van die foto kyk net regs van Heath Road, is daar baie strooise en goed wat daar staan? -- Bedoel u die tweede struktuur nou aan my regterkant?

Ek bedoel daardie hele groep huise wat daar bo staan? Aan die regterkant van Heath Road daar bo is 'n hele klomp huise daar? -- Ja, ek sien dit.

En u sal saamstem dit is maar baie krotagtige huise daardie? -- Nee, ek stem nie saam nie, want die eerste huis waarvan ons gepraat het, wat ons nou net beskryf het, met die klomp klippe bo-op die dak was 'n winkel gewees en die een na dit, dit wil sê na boontoe, daardie huis was heel gewees en 'n ordentlike huis toe ek daar weg is.

HOF : Ek wil u vra oor die huis aan die regterkant. Dit lyk vir my skemahuise heel regs bo in die hoek. Almal lyk dieselfde. Dit lyk amper asof die Administrasieraad hulle gebou het. -- Dit is reg. Ek het geen kennis daarvan

gedra/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gedra tot die dag wat ek my moeder gaan begrawe het. Toe het ek vir die eerste keer bewus geword van die bestaan van daardie huise.

Dit is alles nuut? -- Ja.

MNR. JACOBS : Soos ons op hierdie foto ook kan sien is daar nie juis higiëniese toestande wat daar heers in die gebiede wat anderkant jou huis, wat buitekant jou perseel val nie, want daar is ook nie eers behoorlike sanitasie en sulke goed nie, nè? -- Ek stem nie saam nie. Ek kom self van daardie tipe huise af. 'n Persoon wat dié tipe huis bewoon het weet presies wat die toestand van daardie huise is. Ek stem nie saam met die stelling nie.

Het jy daardie huise bewoon? -- In dié tipe huise van sooie.

Ek vra, het jy daardie tipe huise bewoon wat buitekant joune val, daardie sooihuise en sinkhuise? -- Ek bly in hierdie tipe huise in die sin ek het familie wat in hierdie tipe huise woon. Voordat ek gewerk het om hierdie huis te besit, het ek in hierdie tipe huise gewoon. Eintlik geniet ek wat hulle het om vir my te skenk in daardie huise.

Jy woon in 'n taamlike luukse huis as 'n mens so met oordeel na daardie foto, nè? -- Ja, heeltemal reg, dit is juis die punt. Ek weet dat in Evaton waar ek my eie grond het, sal ek vir my sulke dinge kan doen op my eie grond.

Goed, ons sal daarby uitkom.

HOF : Ek wil u net vra oor hierdie foto BEWYSSTUK CA3. U sê voor u winkel loop Heath Road verby? -- Ja.

U sien op hierdie Heath Road ry 'n Kombi. Ek dink dit is 'n Kombi? -- Ja, ek sien die voertuig.

As 'n mens nou in die rigting soos ons kyk by die

Kombi/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Kombi verbyry, met ander woorde bo by die Kombi verby van die foto af, kom jy dan in Selbourne Road? Word hy dan Selbourne Road? -- Ja, in die oostelike rigting.

So, u straat, Heath Road, loop rofweg oos/wes? -- Ja.

MNR. JACOBS : Jy bewoon 'n taamlike luukse huis, sê jy. Het hy spoellatrine in? -- Ja.

Jou water, waarvanaf kry jy dit? -- Ek het altyd water op my perseel gehad. Al wat ek gedoen het is, ek het pype gelê om tot by die huis die water te hê.

Het jy 'n boorgat op jou perseel? -- Nee. Ons het water wat verskaf word daar deur die Rand Water Board. Dit was aan ons begin verskaf in 1963 in die tyd van die kommissaris.

Is water aangelê daarnatoe? -- Ja.

HOF : Is dit tot in elke huis of is daar 'n kraan op elke perseel of hoe is dit aangelê? -- Daar is 'n kraan op elke standplaas. Die eienaar van die standplaas of die ander inwoners op die standplaas kan dit dan verder uitbrei om water by verskillende punte op die standplaas te hê.

MNR. JACOBS : Die ander inwoners op hierdie standplaas, wat nie die eienaars is nie, hulle moes die water koop by die eienaars, emmersgewyse. Is dit reg? -- Dit is nie so nie.

Ek stel dit aan jou dat dit gebeur het daar in Evaton dat die mense water koop emmersgewyse? -- Daar is nie so iets nie.

HOF : Maar het hulle dan die water verniet gekry? -- Wat gebeur het is, die eienaar van die standplaas is die persoon wat die rekening gekry het vir die gebruik van die water en dan sal hy die watergeld bytel by die huurgeld wat betaal word deur die huurder op die perseel.

MNR. JACOBS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. JACOBS : Nou hoe sou hy geweet het hoeveel moet elke huurder betaal? Een gebruik baie water, een gebruik min water. -- Dit was nie eintlik ŉ groot rede dat die mense verskil het met die gebruik van die water nie. Ons het onsself onder daardie omstandighede bevind en die mense het dit so aanvaar.

Hoe het hulle betaal? Hoe het hulle dit bereken? -- Dit gaan oor die lesing, wat die lesing sê, hoeveel water is gebruik en dan sal die mense uitwerk hoeveel elke huurder ingesluit die eienaar van die plek moet betaal vir ŉ maand. Dit hang af of dit 40c, 50c per maand is.

So, julle huur het dan ook geëskaleer. Een maand dit en die volgende maand dat? -- Nee, dit was nie so nie. Die standplaaseienaar het die huurders in kennis gestel, byvoorbeeld as die Raad besluit het dat die water verhoog is, die koste daarvan, dan sal die eienaar van die standplaas vir die mense sê "Kyk, nou gaan julle soveel betaal, 5c meer of 10c meer as gevolg van die feit dat die waterprys hoër gegaan het."

HOF : Mnr. Jacobs, ons sit nie hier as ŉ huurbeheerraad nie.

MNR. JACOBS : Ek wil dit net verder aan jou stel dat hier is ook geen sanitasie voorsiening gemaak vir die mense in die omstandighede waaronder hulle daar gebly het nie? -- Daar was volledige sanitasie gewees daar. In die tyd van Peri-Urban was daar inspekteurs gewees wat by persone of standplase inspeksies gehou het en dan inspuitings gegee het vir die doodmaak van kieme.

En ek wil dit aan jou stel dat juis hierdie mense wat onder hierdie moeilike omstandighede daar gebly het, dit

is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is hulle wat ondersteun het en petisies gerig het dat daar herbeplanning moet kom sodat hulle ook behoorlike behuising kan bekom soos die landhere? -- Dit is nie die waarheid nie. Die mense wou dit nie so gehad het nie. Al wat hulle wou hê was dat die grond terugbesorg moet word en die Administrasieraad moet padgee.

Wil jy vir die Hof regtig vertel mense wat onder hierdie omstandighede woon soos daardie huise wat daar staan, wou nie verbeterings gehad het nie? -- Al wou die mense dit gehad het, sal ek saamstem, maar daar is geen verbeterde omstandighede nie. As u dit moet vergelyk met daardie nuwe strukture wat ek nou daar sien, is daar geen verbetering hoegenaamd nie.

HOF : Sê u dat die nuwe struktuur aan die regterkant bo-op die foto is nie beter as die ou strukture wat ons op die res van die foto sien nie? -- Ja, ek sal vir u sê hoekom. In die eerste plek, die plek is klein. Dit wil sê die vertrekke, die struktuur self is klein. Tweedens, die persoon wat dit bewoon is nie die eienaar van daardie plek nie. Jy is ŉ huurder daar. In daardie sin is dit nie beter nie.

MNR. JACOBS : Maar was hy nie maar altyd ŉ huurder nie, selfs op julle persele nie, julle landeienaars se persele? -- Die persoon was ŉ huurder gewees, maar die persoon het ŉ kans gestaan dat die persoon ŉ standplaas kon gekoop het van die standplase wat deur die Administrasieraad geneem was.

Nou, as hy so ŉ plot gekoop het, het daar nog een uit - ŉ groot aantal kon ŉ plot koop. Is dit nie so nie? -- Dit is ŉ gedeelte van die lewe.

HOF : Wat was die waarde van die plotte in 1984? -- Ek

weet/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

weet van 'n een akker standplaas wat leeg was wat vir R12 000,00 verkoop was in daardie tyd.

Nie elke mens kan dit koop nie? -- Ja, dit is die waarheid.

MNR. JACOBS : Ek sien op jou perseel is vier eenhede, is ek reg, wat daar verhuur was? -- Daar by my is daar niemand wat huur by enige van daardie eenhede nie.

HOF : Maar destyds, het u verhuur? -- Ja, destyds was daar mense gewees wat gehuur het.

MNR. JACOBS : Is dit vier eenhede wat verhuur kan word? -- Een van hulle kon verhuur geword het. Die res gebruik ek as my stoorkamer.

Destyds ook? -- Ja, daar was net een gewees wat ek kon verhuur het.

Hoeveel gesinne het jy verhuur aan so 'n eenheid? -- 'n Gesin van vier, 'n man, sy vrou en twee kinders.

En hierdie eenhede, is dit net dood eenvoudig een kamer? -- Nee, dit is twee vertrekke.

HOF : Wat was die huur? -- R12,00.

Per week of maand? -- Per maand.

MNR. JACOBS : Hoeveel van ERPA se bestuur was ploteienaars?

HOF : Ek dink ons het dit al gehad. Van die hele bestuur was daar twee wat nie ploteienaars was nie, tensy ek verkeerd geluister het. -- Ja, dit is reg.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MORAKE PETRUS MOKOENA, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Mokoena, die twee lede van ERPA wat nie grondeienaars was nie, wie is hulle? Is dit die mense wat later geloop het? -- Ek

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het gesê Peshwa en Mahine.

Is hulle die mense wat later geloop het?

HOF : Hoe bedoel u geloop het?

MNR. JACOBS : Uit ERPA uit.

HOF : Wat bedank het?

MNR. JACOBS : Wat bedank of uitgesit is? -- Nee.

Al hierdie eienaars van persele wat op ERPA gedien het, hulle het goeie inkomste gehad uit die mense se huur uit, is dit reg? -- Ek weet nie, want van hulle het nie huurders gehad op die standplase nie.

Ek wil kyk of ons die ding kan bespoedig. Ek wil na die eerste spesiale vergadering van die Evaton Community Council wat op 14 Maart 1980 gehou was verwys. Ek wil vir jou uit die notule van daardie vergadering lees en dan sê jy of jy saamstem, want jy was blykbaar teenwoordig as ŉ raadslid wat dit bygewoon het. Jou naam kom voor in die notule. Paragraaf 2.1 daarvan lees "Replanning and development of Evaton." Toe het daardie raad besluit, waarop jy teenwoordig was "That Evaton should be replanned and developed as soon as possible." Dan 2.2 onder hierdie selfde beslissing dat - nee, is dit reg, was daar so ŉ beslissing gewees dat dit herbeplan en ontwikkel moes word so gou as moontlik? -- Ja, daar was so ŉ besluit deur die Gemeenskapsraad geneem.

En dat daar dan grond beskikbaar gestel moes word vir ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Lees vir ons die presiese woorde, asseblief.

MNR. JACOBS : Ek lees dan 2.2 "Properties needed for streets, school sites, business sites, parks and related public facilities" en daarop is besluit "Resolved. That the land which is required for the replanning of Evaton be purchased or

expropriated/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

expropriated." Was daar so 'n beslissing geneem? -- Ja, daar was.

En jy het dit ook self gesteun? -- Glad nie.

Teen hierdie een het jy geen beswaar gemaak nie, maar teen die volgende een het jy beswaar gemaak. Die punt onder bespreking was "The retention of free hold system in respect of present owners. The matter regarding the retention of free hold in Evaton was thoroughly discussed and it was emphasised that free hold should be retained at all cost. Councillor Twayi stated clearly that the people of Evaton should not be deprived of their rights and there should be no reason whatsoever for the introduction of lease hold." Is dit reg so? -- Indien moontlik, sodat ek presies weet waarvan u praat, kan u vir my daardie dokument gee dat ek self sien?

HOF : U kan dit nou-nou kry. Herinner u u dat daar besluit is dat daar - dat dit beklemtoon word dat eiendomsreg behou moet word ten alle koste? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : En onder dieselfde bespreking het jy ook deelgeneem "Councillor Mokoena objected strongly against the system of lease hold being made applicable in Evaton." Is dit reg? -- Ja.

"Then the chairman said that the system of free hold in Evaton should not be changed to lease hold and he is not prepared to explain the possibility to the residents of Evaton." Was dit gesê deur Rabotape? -- Ja.

Na die besprekings wat daar gekom het oor hierdie ding, wil ek nou vir jou lees wat julle besluit het. "Resolved: (1) That subject to the provisions of resolution 2 and 3 hereunder Evaton be replanned and developed as it is." Is

dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dit reg? -- Ja.

Dan die voorbehoud kom dan nou "(2) That free hold be applicable in Evaton in respect of the following persons and subject to conditions mentioned hereunder. 2.1 All present owners of land in the released area of Evaton. 2.2 That at the death of an owner of property under a free hold title, his land would be transferable to his heirs in perpetuity."--Daardie deel van "the released area of Evaton", kan u dit vir my herhaal, want ek het nie mooi gehoor hoe u dit daar lees nie.

HOF : Lees vir hom weer 2.1 en 2.2. Lees die totaal en dan vat ons hulle een vir een.

MNR. JACOBS : "That free hold be applicable in Evaton in respect of the following persons and subject to conditions mentioned hereunder. 2.1 All present owner of land in the released area of Evaton. 2.2 That at the death of an owner of property under a free hold title, his land would be transferable to his heirs in perpetuity. 2.3 Where an owner sells his land as an entirety to a second person. 2.4 Where an agreement is entered into between the Board and another party for the exchange of properties. 2.5 Where it is necessary to expropriate or buy land because of the replanning of Evaton and as a result of which the affected party becomes entitled to purchase alternative land under free hold."

HOF : Goed, laat ons hulle een vir een neem. Lees eers die eerste een, dan kan dit getolk word, dan kan die getuie gevra word of hy dit onthou.

MNR. JACOBS : Dan is hier nog 'n 2.6 "Persons who have lost their land prior to the replanning of Evaton due to expropriation or imperative sale and as a result of which they

become/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

become entitled to purchase a stand under free hold." Nou sal ek weer voor begin en 2.1 lees. "(2) That free hold be applicable in Evaton in respect of the following persons and subject to the conditions mentioned hereunder. 2.1 All present owners of land in the released area of Evaton." So, "free hold" is van toepassing op "all present owners of land in the released area of Evaton." -- Die posisie daar is soos volg. Die "free hold" is nie beperk tot sekere persone nie. Dit is beskikbaar vir enigeen wat daar grond gekoop het. Dit moet van toepassing wees op daardie persoon.

HOF : Voordat u nou u kommentaar lewer, kan ons net eers die besluite kry of u daarmee saamstem dat u onthou wat was die besluite gewees daardie tyd. -- Mag ek daardie dokument sien?

Gee vir die getuie die dokument. -- Ja, dit is die notule.

MNR. JACOBS : En is dit korrek soos dit dan hier ingelees is in die rekord in? -- Ja.

HOF : Net vir my eie notas, wat is 2.3?

MNR. JACOBS : 2.3 "That an owner sells his land as an entirety to a second person." Dan sal dit nog altyd "subject" and "free hold" wees.

HOF : En 2.4?

MNR. JACOBS : 2.4 "Where an agreement is entered into between the Board and another party for the exchange of properties."

HOF : 2.5?

MNR. JACOBS : "Where it is necessary to expropriate or buy land because of replanning of Evaton and as a result of which the second party becomes entitled to purchase

alternative/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

alternative land under free hold."

HOF : 2.7?

MNR. JACOBS : 2.6 "Persons who have lost their land prior to the replanning of Evaton due to expropriation or imperative sale as a result of which they become entitled to purchase a stand under free hold." Dan is daar nog beslissings wat ek net aan jou wil lees.

HOF : Besluite.

MNR. JACOBS : Besluite. "Property lost as a result of the replanning of Evaton". Daarop is die volgende besluit. "The owners who, as a result of replanning of Evaton, lose their land will be compensated and will be entitled to acquire a replanned stand elsewhere under free hold title." Dan die volgende waaroor ŉ besluit geneem is "Persons who have lost the title of their property by expropriation or imperative sale of their land prior to the replanning of Evaton. Resolved: That persons who have prior to the replanning of Evaton lost their ownership of their property by expropriation or imperative sale be given the opportunity to purchase an available replanned stand under free hold title." Stem jy saam op hierdie vergadering waaraan jy dan deelgeneem het was dit die Gemeenskapsraad, die "Community Council" se standpunt gewees dat die vrypagstelsel behou word? -- U het nou hier aan die Hof die besluite gelees waarin aangedring word dat ŉ persoon sy "free hold" moet behou al het hy sy vorige plek op enige manier verloor, maar u het nie die heel eerste deel of die deel net bokant dit gelees wat daar staan wat eintlik bespreek was en wat gelei het tot hierdie besluite van hierdie aard nie. Lees net wat sê hulle daar bo.

HOF : Gee vir die getuie die dokument dat hy self vir

ons/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ons lees waarna hy verwys. -- Ek sal die inhoud hiervan lees.
K595 Die paragraaf net bokant die besluite wat daar geneem was, lees soos volg "The general feeling of the Community Council was that only after the Administration Board has satisfied the needs of the persons mentioned in 1 and 3 hereunder, the Board may sell the remaining properties under the leasehold system."

MNR. JACOBS : Maar die feit bly, die Gemeenskapsraad was nie teen die behoud van "freehold" stelstel in Evaton nie? Vrypag in Evaton nie? -- Hulle was daarteen vir die feit dat hulle die "leasehold" ingebring het in die hele ding.

Is dit nie so dat die "leasehold" stelsel wat daar ingevoer is, was ŉ Regeringsbesluit waaraan hulle eintlik niks kon doen nie? -- Ja, maar hulle het dit mos na die Regering toe geneem.

En daardie petisie wat ons netnou gelees het is nie so nie, nè, dat dit van die gemeenskap af gekom het dat daar vir herbeplanning gevra is? -- Die Minister, die Regering het nie daardie petisie gesien nie. Hulle het geen insae gehad in daardie petisie nie. Al wat hy insae in gehad het was die memorandum opgestel deur die hoofdirekteur mnr. Knoetze waarin hy ŉ voorstel maak van ŉ herbeplanning.

Hoekom sê jy die Minister het nie die petisie gekry nie? Waar kom jy daaraan? -- Ek was by gewees. Ek het ŉ gesprek met die Minister self uitgevoer. Ek het aan hom meegedeel wat die mense se griewe was in Evaton en hierdie petisie was nie aan die Minister voorgelê nie.

Ek wil jou ook nog na ŉ verdere resolusie van die Raad verwys en dan kan jy vir my sê of jy dit herken. Dit is van die 25ste vergadering, gedateer 5 Augustus 1980.

MR BIZOS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MR BIZOS : My Lord, I am sorry to intervene. I have no objection to the cross-examination, but what I do want to say in fairness to the witness is that these resolutions in terms of an exhibit already before Your Lordship, there is a resolution and then somebody places an interpretation to this resolution.

COURT : What is the exhibit already before us?

MR BIZOS : DA4.

COURT : But are we now dealing with an exhibit already before Court, but referring to a different document?

MR BIZOS : No, what I am saying - perhaps I better leave it.

COURT : Let me just get clarity. Do we have this document? I do not want duplication?

MR BIZOS : No, we have not got that document. We have got a document which purports to interpret the resolutions of the Town Council.

COURT : No, this is a later document which says well, the council said this, the Minister said that, therefore this.

MR BIZOS : Yes, but it is not given as a decision of the Minister. It purports to be given as an interpretation of the council's resolution.

COURT : Well, anyway, I think it is fair to everybody concerned to have the exact wording of the document and the whole document before us.

MNR. JACOBS : Ek kan dit net uitlees en dan kan hy dit net identifiseer, dan sal ek sorg dat die Hof afskrifte kry. Hierdie is ŉ kort resolusie.

HOF : Wat is die datum van die vergadering?

MNR. JACOBS : 5 Augustus 1980. "6. Replanning of Evaton." Dan is daar ŉ verwysing 6/1/1/24/31. "Resolved: That it

be/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

be noted that the Evaton Community Council has reconfirmed the following: (1) That Evaton must be redeveloped. (2) That freehold must be retained in perpetuity in Evaton. (3) That the implementation of the leasehold system in Evaton be rejected." Kyk daarna en sê vir ons, dit is in die tyd wat jy ook op die Raad was, herken jy dit? -- Sonder die agtergrond van hierdie besluit kan ek dit nie identifiseer om te onthou nie.

Kan jy vir ons sê, was jy in ŉ raadsvergadering waar hulle gesê het en besluit het daar dat vrypag behou moet word en dat huurpag verwerp word? -- Ek het verskillende vergaderings bygewoon waar hierdie twee onderwerpe bespreek was. Dus, sonder die agtergrond om daardie vergadering te identifiseer watter een dit was, is ek nie in staat om enige kommentaar te lewer of ek hierdie een kan herken of nie.

Ek sal net nog een aan jou lees en dan kan jy vir ons sê. Dit is ook ŉ besluit van die Raad. Dit is geteken hier deur verskillende mense en die datum waarop dit hier voorkom is 14 Februarie 1982. "16.10 Erection of houses by the Transvaal Administration Board on sites in Evaton belonging to the Orange Vaal Administration Board" en dan is daar ŉ verwysing weer 6/1/1/24/31. "Resolved: (1) That approval be granted to the Orange Vaal Administration Board to subdivide sites belonging to the said Board into a maximum of eight sites. (2) That in regard to (1) above approval be granted to the Orange Vaal Administration Board: 2.1 To erect houses on the sites and to let the houses. 2.1 To sell houses which are erected in terms of 2.1 above and to make subdivided stands available to self builders. (3) That it be noted that the Community Council of Evaton stands

by/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

by the principle that the ultimate objective should be that the houses sold and the sites be made available in terms of (2) above, should be done in terms of freehold." -- Ek bevind myself nog in dieselfde probleem dat ek sien net ʼn stukkie waarna ek verwys word. Ek sien nie die agtergrond nie. Sonder die volledige notule kan ek nie die ding identifiseer nie.

HOF : Kan ek net daardie dokumente sien? Ek sit ook heeltemal in die duister. Ek plaas op rekord dat dit nie die hele notule is wat voor die getuie geplaas word nie, maar ʼn uittreksel van ʼn besondere paragraaf van die notule wat oor ʼn besondere aangeleentheid handel. Blykbaar het dit so gewerk dat die notule opgedeel is in stukkies, uiteindelik kopieë daarvan gemaak is en dat dit onder verskillende hoofde geliasseer is en hierdie is blykbaar ʼn lêer met ʼn sekere onderwerp in.

MNR. JACOBS : Dit is reg. Kan jy onthou dat julle so ʼn besluit geneem het dat aan die Raad die reg gebied word ? -- Aangesien hierdie dokument nie volledig is nie, het ek geen kommentaar nie, want ek kan dit nie identifiseer nie.

Ek vra nie nou vir jou op grond van die dokument nie. Ek vra vir jou of jy by enige vergadering bygesit het waar dit gesê is dat die Raad kan die plot opdeel in agt erwe om dit so te noem? ʼn Maksimum van "eight sites"? -- Daar was ʼn hele paar van hierdie tipe vergaderings gewees.

En waar daar so ʼn besluit geneem is? -- Met sekere feite wat eintlik nie betrekking het op dit wat u nou aan my stel nie.

So, was die reg verleen aan die Raad om die plotte op te deel in agt erwe waar jy ook teenwoordig was en deelgeneem

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het aan die besluitneming?

HOF : Watter Raad? Stadsraad, Dorpsraad, Administrasieraad?

MNR. JACOBS : Die "Orange Vaal Administration Board" verlof gekry het om die plotte op te deel? -- Ja, dit het al gebeur.

Was jy teenwoordig dat daar besluite geneem was dat hierdie plotte wat opgedeel word in persele, in agt verskillende persele aan die Administrasieraad van die Oranje-Vaal toestemming verleen was dat huise gebou word op daardie onderverdeelde erwe? -- Die herbeplanning van Evaton deur die Administrasieraad het hulle beoog dat by elke akker standplaas sal daar agt verdelings wees wat dan gaan bestaan om gebruik te word as agt verskillende persele.

Kom ons sal baie gouer klaarkry met hierdie kruisondervraging en alles as jy net die vraag antwoord. Ek vra net vir jou, die vergadering van die Gemeenskapsraad waarvan jy deel was, het julle daar besluit en was jy teenwoordig waar daar besluit was om aan die Administrasieraad die verlof te verleen om huise op te bou op hierdie persele en om dit te verhuur? -- Ek was teenwoordig by so 'n vergadering.

En dan op dieselfde vergadering was dit ook dan dat ook aan die Administrasieraad van die Vaal toestemming verleen of die reg verleen is om van die huise te verkoop wat hulle gebou het, en ook om van daardie persele, sonder dat daar op gebou was beskikbaar te stel vir ander mense om self hulle huise te bou op sulke persele? -- Ja, dit is so.

En was dit ook op die vergadering ook besluit en kennis van gegee dat die Gemeenskapsraad van Evaton staan by die beginsel dat die uiteindelike doel waarna hulle streef, dat huise wat verkoop moes word en wat beskikbaar en persele wat beskikbaar gestel word vir verkoop, moet gedoen word

in/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

in terme van die "freehold" stelsel, vrypagstelsel? -- Ja, nou sien u my punt hoekom ek gevra het vir die agtergrond van wat u aan my gestel het op die notule. Wat u nou vir my stel hierso bots met wat u vroeër gesê het. Dit is juis die punt hoekom ek gevra het.

Ek het nou-nou so mooi vir jou gevra, antwoord net my vrae, dan kan ons aangaan. Ek het nie vir jou kommentaar gevra van wat ek vroeër gevra het nie. Ek vra net eenvoudig ... -- Nee, ek het die vraag gehoor. Ek sal antwoord. Wat ek sê is dat ek op verskillende vergaderings was waar die besluit daar as volg was, dat die "freehold" beskerm moet word deur die Gemeenskapsraad en terselfdertyd praat hulle nog van die "leasehold" in dieselfde asem. Dit is hoekom ek sê ek vind dit moeilik om presies te weet watter vergadering dit was wat betrekking het op watter besluit sonder dat daar enige melding van enigiets anders gemaak was.

Maar my vraag is net eenvoudig, was dit op hierdie vergaderings dan besluit dat die Raad en as ek nou sê die Raad bedoel ek die Dorpsraad of die Dorpsbestuur, die Community Council, het die standpunt ingeneem dat hulle hou by die beginsel dat enige van hierdie erwe waarop die Raad mag huise bou, wat hulle dan mag verkoop of waar hulle persele mag verkoop, dat dit verkoop word onder die vrypagstelsel? -- Ja, dit is wat ek verduidelik het.

Sal u dan saamstem met my as ek dit stel dat die Gemeenskapsraad en lateraan die Dorpsraad het altyd gestaan by die beginsel dat vrypag "freehold" behou moet word in Evaton? -- Mondelings, ja, maar nie wat hulle gedoen het nie, want as u daardie notule lees, sal u sien dat hulle in daardie notule toestemming gee aan die Administrasieraad om huise

te/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

te bou en by die huise sal die Administrasieraad geregtig om huur vanaf die mense te verkry. Dit is nou die inhoud van die notule wat betrekking het op die stelling.

En jy het ook op hierdie vergadering gestem en vir hierdie resolusie gestem? -- Nooit. Van ek bewus geword het daarvan toe die memorandum aan Knoetze oorhandig was waar hy nou sy memorandum gemaak het, het ek dit bekend gemaak aan die inwoners van Evaton sowel as aan dr. Koornhof dat ek daar gekant was teen hierdie gebeure. Dit is hoekom ek op my eie besluit het om weer die Raad te verlaat, want ek het gevoel dit is nie reg nie.

HOF : Ja, maar ek wil nou duidelikheid kry. Hierdie besluite is in 1980 as ek dit reg het en hierdie een wat nou aan u voorgehou is is in 1982, Februarie 1982. Die oorhandiging van die memorandum aan mnr. Knoetze en die daaropvolgende besoek van die Minister, wanneer was dit?-- In Desembermaand 1979.

MNR. JACOBS : En ek stel dit aan jou hoewel die Raad of die Dorpsbestuur se gesindheid was dat vrypag behou moes word, het hulle eintlik geen sê gehad nie, want dit is die sentrale regering se wil wat getel het? -- Nee, nee, hulle is diemense wat dit weggeneem het na dr. Koornhof toe. Het hulle nie miskien die gedagte gehad om dit te doen nie, sou hulle dit nie geneem het na hom toe nie.

HOF : Sê u dat omdat hulle op daardie stadium herbeplanning gevra het, hulle 'n proses aan die gang gesit het wat verkeerd uitgeloop het? -- Nee, hulle het gaan vra vir iets waarop hulle geen mandaat gehad het vanaf die inwoners van Evaton nie.

Ek dink nie ons moet weer daardie paadjie loop nie.

Ons/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ons het hier ŉ petisie gehad waarin daar ook gevra word vir herbeplanning. -- Ek kan my nie voorstel dat hierdie petisie spesifiek iets gesê het oor die herbeplanning nie. Tensy ek dit miskien kan lees.

Tensy ek verkeerd onthou was die eerste paragraaf een waarin gevra is vir herbeplanning. Dit is die petisie van die "Vigilance Committee" of so iets. "As Evaton now is an urban area it is imperative that smaller pieces of land be made available for housing. The Community Council should approach the Administration Board to allow subdivision." Is dit nie herbeplanning nie? -- Nee, dit is nie.

Is dit net onderverdeling van afsonderlike eenhede? -- Ek sal dit vir u so stel. Small Farms, die eienaars daar het 10 akkers gehad en die mense het later besluit dat hulle dit gaan verdeel. Die mense wat daardie gedeeltes bekom het daar, was daar nie ŉ "leasehold" stelsel ingebring nie, maar later na die Raad besluit het dat die Raad nou plekke daar wil bekom, het die Raad nou met die storie gekom dat daar "leasehold" moet wees. Met die Raad bedoel ek die Administrasieraad.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan jou stel dat vir die groot, oorgrote meerderheid van die mense, wat in Evaton gewoon het, is dit ŉ groot verbetering dat hulle kon huise kry, behoorlike huise, behoorlike sanitasie, behoorlike vullisverwydering en daarom was hulle ten gunste van herbeplanning? -- Dit is nie reg nie. Die mense van Evaton hou van baie mooi goed en hou eintlik van ŉ goeie lewe. Hulle aanvaar alles wat dit betref. Die een ding wat op hulle gedruk word wat hulle nie wil aanvaar nie is dit dat hulle moet sê hulle aanvaar die stelsel wat hulle nie wil aanvaar nie.

As/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

As dit miskien was dat die Administrasieraad geen plekke daar bekom het tussen hulle nie en dit nie toegelaat was dat die "freehold" van sekere mense ontneem word nie, net dat dit gaan oor die ontwikkeling van die gebied, dan was dit heeltemal reg. Daar was geen fout gewees nie.

En ek stel dit aan jou verder dat die mense wat eintlik werklik ontevrede is en die mense opsweep met nie die waarheid nie, maar met valse bewerings, is die eienaars van persele soos jy en die mense in ERPA deur vir hulle aan die publiek daar te gaan voorstel dat die raadslede het hulle verkoop en die raadslede is verantwoordelik vir die stelsel van huurpag? -- Kyk, nou het dit vir my duidelik geword dat as gevolg van hierdie wat u aan my gestel het, is u een van die persone, eintlik die een persoon wat nie daarvan hou dat 'n Swartmens grond moet hê nie, want die mense van Evaton is baie belangrik in die Vaal in die sin, mense word trekpasse gegee op die plase. Die enigste plek waarheen hulle kan gaan is Evaton om gered te word van hulle probleme. Hulle word uit die huise gesit deur die Administrasieraad. Dan gaan hulle Evaton toe waar hulle gered moet word. So, dit kan nie wees dat die mense gekant is teen die standplaaseienaars van Evaton nie. Selfs die meerderheid van die mense wat die sinkplaathuise bewoon soos beskrywe deur u hierso, kom van die plase af. Die plaasboer jaag hom weg, hy gaan na Evaton se mense toe en sê vir hulle "Kyk, ek soek 'n blyplek." Niemand gaan hom vra vir 'n permit om daar op sy plek te kom bly nie. In daardie sin help hulle die mense.

En ek wil dit verder aan jou stel dat jy het jou posisie van trou onder die raadslede misbruik om aan van die

gebeure/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gebeure wat in die Raad plaasgevind het ŉ valse beeld uit te dra na buite en in ERPA waar jy vir hulle gaan sê het dat die raadslede is die mense wat vir die herbeplanning vra, die raadslede is die mense en as ek verwys na die Raad, is dit die Dorpsraad of die Community Council, is verantwoordelik daarvoor dat huurpag nou ingestel is? -- Wat ek gedoen het deur die mense van Evaton in te lig van wat gebeur het terwyl ek in die Raad was, was omdat ek geweet het ek is nou in die Raad en ek is daar om vir die inwoners van Evaton na hulle belange om te sien. Dit was nie ŉ geheim van wat daar plaasgevind het in die Raad nie. As daar iets gebeur het in die Raad is die gemeenskap geregtig om daarvan te weet.

En wat meer is, jy het nooit vir die mense gesê, ek stel dit aan jou, jy het hulle die valse indruk gebring, dat die Raad, die Gemeenskapsraad, die Community Council, staan daarvoor dat vrypag behou moes word, maar dat hulle die dinge van bo af deur die Minister en die Sentrale Regering afgedwing word nie? -- Nee, dit is nie korrek nie. Ek erken dat ek vir die mense van Evaton, die inwoners, ingelig het van die feit dat die Gemeenskapsraad die liggaam is wat die herbeplanning na die Minister toe geneem het en ek het die mense ingelig dat ons maar die Gemeenskapsraad bymekaar moet kry en dit met hulle bespreek. Ons het briewe geskryf om dit met hulle te bespreek, maar ons het nie daarin geslaag om bymekaar te kom saam met hulle nie. Selfs met die Minister. Ons het briewe geskryf om by hom uit te kom en die ding met hom te bespreek, maar ons het nie daarin geslaag nie. Dit wil sê, wat ek oorgedra het aan die mense is wat ek gesien plaasvind het, want welwetende dat ons daarteen gekant is,

dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dit is die vordering van die herbeplanning, het hulle, die Gemeenskapsraad, nog voortgegaan daarmee. Dit wys nou dat hulle ons wil verwurg met die bevordering van die Regering se stelsel.

Het jy op enige van die baie vergaderings wat julle gehou het gesê "Kyk, ek was daar op ʼn vergadering, ons het ʼn resolusie aangeneem", soos die laaste een wat ons nou het hier behandel het dat die mense, as hulle die erwe verkoop, moet hulle dit verkoop onder die vrypagstelsel? As hulle huise bou en hulle verkoop die huise, moet dit onder die vrypagstelsel wees en dat hulle die Raad in beginsel voorstaan dat die vrypagstelsel gehandhaaf word. Het jy dit ooit vir die mense gesê dat dit is hoe die mense of die Gemeenskapsraad dit voel? -- As u nou kan kyk na die notule van die vergadering van 14 Maart, sal u daar sien dat na die Raad gesê het hy weet niks van die herbeplanning nie, was dit onder die Raad se aandag gebring dat daar iets aan die gang is in daardie rigting en ons het vir die mense gesê hierdie ding van die herbeplanning kan ʼn goeie ding wees, maar ons moet dit eers bespreek en sien hoe ver ons dit kan uitvoer waar dit nou in almal se guns gaan wees.

Antwoord nou my vraag, asseblief. Het jy op enige van jou vergaderings aan die mense van Evaton oorgedra, eerlik gaan oordra en gesê "Kyk, die Gemeenskapsraad is ten gunste van die behoud van vrypag"?-- Ek het dit reeds verduidelik dat ons het dit goed gesien, dit is juis die rede dat ons die memorandum gemaak het.

Kyk, jou memorandum was in 1979. Het julle dit gedoen in 1984? -- Die memorandum van Evaton Ratepayers Association wat hier ingehandig was as ʼn bewysstuk was in die jaar

1980/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

1980.

HOF : Nee, maar wag, laat ons nou nie daaroor debatteer nie. Dit gaan eintlik hier om die Dorpsrade wat begin het op 1 Januarie 1984. Het u ooit gesê aan die mense dat die Dorpsrade, daardie mense in die Dorpsraad staan vir die vrypagstelsel? -- Nee, ek het dit nie gedoen nie.

MNR. JACOBS : Het jy in 1983 gesê vir die mense terwyl jy nog op die Gemeenskapsraad was dat die Gemeenskapsraad staan ook vir vrypagstelsel? -- Nee, maar in 1983 was dit duidelik by die Gemeenskapsraad gewees dat hulle die "leasehold" in werking gaan stel.

Het jy dit in 1982 vertel vir die mense dat die Gemeenskapsraad se besluite is sodanig dat hulle staan vir die vrypagstelsel? -- Nee, wag, laat ek dit aan u so verduidelik. In die jaar 1981 as aanduiding van die Gemeenskapsraad dat dit nou gaan toelaat dat daar 'n "leasehold" in werking gestel gaan word daar, het hulle alreeds sekere plekke uitgewys gehad as plekke waar die Administrasieraad huise gaan bou. Dit was na aanleiding daarvan dat sekere mense in Januarie, ek dink dit was 10 Januarie, geroep was na 'n kantoor toe waar mnr. Rabotape hulle moes toegespreek het dat ek ook daarby plek was. Nou wil ek hê dat u moet verstaan dat van daardie tyd af dit duidelik was dat die Gemeenskapsraad alreeds toestemming verleen het vir die "leasehold". Daar was dan geen rede vir my gewees om vir die mense te gaan sê dat hulle vir die "freehold" staan nie.

MR BIZOS : I am sorry to interrupt, but there was a suggestion that the Town Council, I am using the word deliberately, in 1984 resolved that it was in favour of freehold.

COURT : No, I did not put that. I said was it said that

they/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

they were in favour of freehold. I know that they did not discuss it. Well, I do not know whether they discussed it or not. There is no evidence of that. That is as far as one can take it.

MR BIZOS : That is what I wanted to make clear.

COURT : I understood the witness to say that as they were the same people and they sort of inherited the system, he says that they were of the same opinion as the predecessors.

MR BIZOS : I merely wanted to know that there was no resolution tending to show that for 1984 and to remind Your Lordship that the witness was not a member of the Town Council in 1984.

COURT : No, that I remember.

MNR. JACOBS : Die vergadering waar jy sê waar mnr. Rabotape toegespreek het, die mense moes toespreek en waar jy ook beland het, saam met wie het jy soontoe gegaan? -- Ek was soontoe saam met ander mense wat genooi was om by te wees by die vergadering.

Was jy nie saam met Khabi nie? -- Hy was daar.

Ja, julle twee is saam soontoe? --Nee, dit is nie so nie.

En saam met ander mense in ŉ groep. Julle het as ŉ groep gegaan? -- Nee, nie as ŉ groep nie. Ek het wel in my voertuig daar opgedaag saam met ander mense wat saam met my was. Die ander mense het ook op hulle eie daar opgedaag.

Ek wil dit aan jou stel dat jy en Khabi en die ander mense het gegaan juis om moeilikheid te maak daar. Julle het selfs julle knopkieries saamgevat? -- Nee, ons is eintlik die mense wat vrede gemaak het daar toe Moleko en Sekwatle die moeilikheid begin het.

Hoekom/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Hoekom het jy gelag netnou? Dit is mos reg, jy het met ŉ knopkierie gegaan, nè? -- Ek lag want ek dink aan myself met ŉ knopkierie. Ek kan my nie voorstel met ŉ kierie in die straat nie.

En die moeilikheid wat daar ontstaan het was juis omdat julle mense wat so vreeslik ontevrede was met die herbeplanning, het dit onmoontlik vir Rabotape gemaak om te praat? -- Nee, ongelukkig nie. Ons is die mense wat eintlik altyd wou gehad het dat ons ŉ gesprek moes uitvoer met die Gemeenskapsraad. So hierdie dag was dit ŉ goeie kans vir ons gewees om by te wees en daar te gaan praat terwyl hy daar praat, sodat ons daar goed met hom kan praat. Dit was ŉ kans vir ons om hom te ontmoet.

Was die rede hoekom julle hom nie ŉ geleentheid gebied het dat hy praat nie en hoekom julle so oproerig was, julle was eintlik bang hy sal met die waarheid uitkom en dan ook vir die gemeenskap van Evaton daar vertel dat hulle is ook teen die huurpag maar hulle is ondersteuners van die vrypag? -- Nee, dit is nie so nie. Ek was binne hoorafstand toe mnr. Louw aan mnr. Rabotape gesê het dat hy nou die vergadering moet gaan toespreek. Mnr. Rabotape het self daar geweier om die gehoor te gaan toespreek.

Ek sal afstap van hierdie onderwerp. Kom ons gaan na nog die vergadering van die 26ste Augustus 1984, ek wil net een ding daar aan jou stel voor ek dit heeltemal vergeet. Rina Mokoena se toespraak daar waar sy ŉ beroep gedoen het op die mense vir eenheid om in eenheid in aksie op te tree is juis ter voldoening aan die vereiste van UDF dat julle moet saam werk as organisasies en teen die Regering baklei? -- Dit is nie so nie.

Op/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Op 25 Augustus neem ek aan, sê jy het Esau Raditsela gekom en wou jou luidsprekerstelsel kom leen het. Is dit reg? Dit is 25 Augustus 1984? -- Ja, dit is so.

Het hy vir jou gesê "Ons wil dit hê want ons wil ʼn vergadering gaan adverteer wat ons die middag wil hou van 26 Augustus"? -- Nee, hy het nie dit gesê nie. Al wat hy vir my gesê het was dat hulle ʼn vergadering het om te hou in Gebied 3.

Waar in Gebied 3? -- Hy het nie vir my gesê waar nie. Al wat ek onthou is dat hy vir my gesê het dat hy dit kom leen het omdat hulle ʼn vergadering in Gebied 3 hou.

Het hy gesê wanneer gaan hulle nou die luidspreker gebruik , om watter vergadering te adverteer? -- Nee, hy het nie vir my gesê nie.

Dit kon oor ʼn week ook gewees het wat jou aanbetref? -- Ek weet nie of dit in my gedagte gekom het om te dink hoe lank dit gaan neem nie.

Maar wat jou aanbetref kon dit oor ʼn week of oor ʼn maand gewees het. Jy weet niks van daardie vergadering af nie? -- Ek kon sien dat dit nie lank gaan wees nie, maar ek het net nie geweet wanneer nie.

Jy sien, want dit is vir my ʼn baie eienaardige toedrag van sake. Hy sê nie vir jou wanneer gaan hulle die luidspreker gebruik nie. Hy sê nie vir jou waar hy dit gaan gebruik nie. Is dit reg? -- As hy vir my gesê het daar sal ʼn vergadering wees in Gebied 3, het ek aanvaar dat dit Gebied 3 gaan wees.

Dan kan ek net nie verstaan, hoe vra jy dan vir hom om as hy daardie ding gebruik, advertensies te gaan versprei van ʼn vergadering wat jy op daardie selfde dag gaan hou?

Dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Dit is omdat die pamflette daar gesien was op die tydstip wat ek vir hom die luidspreker moes leen en dit het my toe bygeval dat ek nie in daardie omgewing van Evaton was, in die nabyheid van Gebied 3 nie. Dus het ek hom versoek om op pad daarheen dit sommer vir my te versprei in die omgewing, toe dit my bygeval het dat ek dit nie genader het met die bekendmaking van die vergadering wat ek geadverteer het nie.

So, die versoek was nie terwyl hy sy goed adverteer, dan moet hy sommer daardie versprei van julle ook nie? -- Nee, nie spesifiek nie. Ek het net verwag, as hy dit kan doen op enige manier, solank hy dit doen as dit hom pas.

So, is dit nog 'n deel van hierdie noue samewerking tussen VCA en ERPA wat hierdie goed versprei? -- Nee, ek het vir hom gevra want ek het die goed gesien op die tydstip wat ek die luidspreker aan hom moes gee.

Maar jy kon mos self gegaan het en jou eie pamflette gaan versprei het? -- Nee, maar die pamflette was so min gewees dat dit eintlik nie die gebruik van 'n voertuig regverdig het om soontoe te gaan nie. Hier is nou 'n man wat in daardie koers gaan ry en ek kan hom net vra om dit vir my te doen.

Jy sê dit is die enigste keer wat hulle van VCA jou luidsprekerstelsel geleen het? -- Wat ek onthou. ja.

Is jy seker hulle het dit nie 2 September geleen nie? -- Nee.

Het hulle nie die luidsprekerstelsel gebruik om die opmars en die "stay away" te gaan adverteer daar onder die mense nie? -- Nee.

Is daar enige ander luidsprekerstelsels beskikbaar daar in die woongebiede daar? -- Ja, daar is baie mense wat aan

my/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

my bekend is wat die publieke toesprake maak en wat dit kon gebruik het vir hulle advertensies ook.

Was jy 2 September daar in die woongebied en by jou plek of in die woongebied self rond? -- Ek sal nie spesifiek kan onthou wat ek gedoen het daardie dag nie. Wat ek wel kan sê is dat ek nie uit die omgewing of uit die streek van die Vaal nie.

Het jy gehoor dat daar aankondigings gedoen word vir die wegbly-aksie en die opmars die volgende dag, 3 September? -- Ek het van die mars bewus geword net voor die einde, naby die einde van die week na die vergadering van die 26ste.

Ek sal nou daarby kom. Ek wil net weet op 2 September was dit afgekondig was jy oor 'n luidsprekerstelsel gehoor het dat dit afgekondig word dat daar die volgende dag 'n wegbly-aksie moet wees en dat die volgende dag sal daar gemarsjeer word? -- Nee.

Jy sê jy het gehoor voor dit van hierdie wegbly-aksie op die 3de. Waar het jy dit gehoor die eerste keer? -- Toe Esau ons luidspreker teruggebring het, het ek toe gehoor van hierdie wegbly-aksie.

Wat het hy toe vir jou gesê daaromtrent? -- Ek kan nie spesifiek alles onthou wat hy vir my gesê het nie, maar dit was in die môre en hy was op pad werk toe toe hy hierdie ding kom aflewer het daar. Hy het net melding gemaak wat ek onthou dat daar 'n wegbly-aksie gaan wees op hierdie dag.

Watter dag was dit gewees wat Esau by jou gekom het? -- Dit is 'n Maandag of 'n Dinsdag na die 26ste. Dit kan die 27ste wees of die 28ste, daar rond. Ek is nie seker nie.

Het hy vir jou gesê dat geen vervoer word toegelaat daardie dag in die woongebiede nie, hetsy busse, huurmotors

of/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

of privaat vervoer nie? -- Nee, al wat ek kan onthou waarvan hy melding gemaak het aan my was die "stay away".

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K596 MORAKE PETRUS MOKOENA, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : U Edele, ek wil net die dokumente inhandig wat ek laat fotostateer het.

HOF : Hierdie dokument sal CA4 wees. Die opskrif is Evaton Community Council First Special Meeting.

MNR. JACOBS : Ek wil dan net sê die petisie was die ander een wat hy herken het wat ons nie kon fotostateer nie. Mnr. Mokoena, toe Esau nou by jou gekom het 27 of 28 Augustus 1984, jy sê hy het die luidsprekerstelsel teruggebring? -- Dit is reg.

Het hy dan nie vir jou gesê dat, as ŉ geaffilieerde van UDF, daar gaan ŉ opmars wees en hulle moet sekere reëlings tref nie? -- Nee.

Wanneer het jy gehoor van die opmars en van die wegbly-aksie op Maandag, 3 September 1984? -- Ek het al vroeër gesê toe Esau die luidspreker daar teruggebring het, het ek van hom verneem van die wegbly-aksie. Wat die mars betref, ek het daarvan verneem om en by die einde van die week.

Wat het hy presies vir jou gesê van die wegbly-aksie? -- Wat hy aan my gesê het is dat die mense het ooreengekom oor die wegbly-aksie wat op die 3de sal plaasvind.

Hoe het hy gesê wie is die mense wat sal deelneem aan wegbly-aksie, wie almal sal wegbly? -- Hy het dit nie verduidelik nie.

Het hy nie gesê dat winkels moet toemaak en jy as ŉ winkeleienaar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

winkeleienaar sal jou winkel moet toemaak daardie dag nie? -- Nee, hy het nie daarvan gepraat nie.

So, hy het nie genoem dat die skole sal toemaak en dat die skoolkinders nie skool toe sal gaan nie? -- Nee, hy het nie.

Hy het ook nie gesê die werkers sal nie gaan werk daardie dag nie? -- Nee, hy het nie gepraat nie. Hy was op pad werk toe. Al wat hy vir my gesê het is dat daar 'n wegbly-aksie gaan wees en hy het dit toe nie verder breedvoerig vertel nie.

Jy het ook absoluut niks verstaan wat se wegbly-aksie is nou aan die gang nie? -- Ja.

Wanneer het jy nou vir die eerste keer gehoor wat is hierdie werklike wegbly-aksie, wat dit behels? -- Ek het nie verder gehoor nie, behalwe dat ek net gehoor het dat daar gaan 'n wegbly-aksie wees.

Jy het nooit verder geweet waaroor gaan hierdie wegbly-aksie nie? -- Na ek verneem het van die mars het ek toe besluit dit is eintlik die rede, daar gaan 'n mars gehou word met die wegbly-aksie.

Waar het jy gehoor van die mars? -- Ek sal nie kan sê waar nie. Soos ek sê ek het net gehoor daar word gepraat hiervan.

3 September, laat ons dit so neem, het jy jou winkel oopgemaak die oggend? -- Nee.

Hoekom nie? -- Omdat in daardie week, dit wil sê naby die naweek het ek 'n pamflet bekom wat versoek het dat ons die winkels moet toemaak.

Nou hoekom? Wat sê die pamflet hoekom moet julle die winkels toemaak? -- Ek kan nie meer onthou wat presies

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die inhoud daarvan was nie, behalwe dat ek kan sê dit het versoek dat die winkeleienaars die winkels moet toemaak.

As deel van wat? -- Daar was geen rede verstrek nie.

Wie se papier het jy gekry? -- Ek kan nie meer onthou of dit ŉ aanduiding gegee het van watter organisasie dit gekom het nie.

HOF : Hoe het u die papier gekry? -- Ek kan nie meer onthou of ek dit van ŉ persoon ontvang het en of ek dit opgetel het nie, maar op een of ander manier het ek dit gekom.

MNR. JACOBS : Was daar ŉ organisasie se naam op die pamflet of nie? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Nou kry jy net ŉ papier hierso en jy hoor jy moet jou winkel toemaak en nou maak jy hom toe? Vertel jy dit vir die Hof? -- Ja.

En die opmars, het jy enige papier daaroor gekry? -- Nee, maar ek het hierso gesê dat ek daarvan gehoor het in die praatjies van die mense in die omgewing van Sebokeng dat daar so iets gaan wees.

Wat het jy geweet van die opmars, wat sou gebeur? -- Al wat ek geweet het is dat daar ŉ mars gehou gaan word. Verder het ek niks geweet nie.

Het jy geweet waar gaan die mars gehou word? -- Ek weet nie. Ek sal u vra om te verstaan dat in daardie week, dit is die week wat ek gesê het dat ek te doene gehad het met die reëlings van ŉ dood, was my aandag ook op die dood gevestig.

Sou die opmars gewees het in Johannesburg, in Pretoria, in Kaapstad? Jy het dit nie eers geweet nie? -- Volgens wat ek daar gehoor het sou dit in die Vaal gewees het.

Waar in die Vaal? Van waar na waar? -- In Sebokeng.

Van waar sou die opmars begin het en waarnatoe sou

dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dit gegaan het? -- Dit weet ek nie.

Ek wil hê jy moet kyk na 'n lugfoto wat geneem was. Stem jy saam dit is 'n lugfoto van hierdie Roomse Kerk in Small Farms? Hier op die voorgrond, is dit die kerkgeboue wat daar so uitgelê is? -- Ja, dit is by die Roomse Kerk.

HOF : Kan ons net duidelikheid kry. Die teerstraat aan die linkerkant dus van die foto, watter straat is dit? -- Selbourne Road.

Watter kant is oos en watter kant is wes? -- Aan die bokant van die foto waar die twee voertuie is is oos.

MNR. JACOBS : En as 'n mens hier na die westekant toe gaan, gaan dit dan na die rigting van jou huis? -- Ja.

En as hierdie Selbournestraat na wes gaan, gaan hy oor in Heath Road? -- Ja, dit is so.

HOF : Hierdie bewysstuk sal CA5 wees.

MNR. JACOBS : As jy nou geweet het daar gaan 'n "stay away" wees, het jy ook geweet dat voertuie mag nie daardie dag loop nie, busdienste mag nie loop nie, huurmotors mag nie loop nie? -- Van hoor, ja, het ek daarvan bewus geword dat daar op hierdie dag geen vervoer beskikbaar gaan wees nie.

Of toegelaat word nie? -- Nee, nie dat dit nie toegelaat word nie. Wat ek verneem het was dat daar nie vervoer beskikbaar gaan wees nie.

Wat bedoel jy met nie vervoer beskikbaar gaan wees nie? Laat ons net duidelikheid kry? -- Met dit het ek verstaan dat byvoorbeeld voertuie soos huurmotors en busse sal nie die dag opereer nie.

En privaat voertuie? -- Ek weet nie, want daardie môre het ek gery.

HOF : Kan ek net terugkom na die foto toe. Ons het nou

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die Rooms Katolieke Kerk te Small Farms, het u geïdentifiseer. Weet u wat die verskillende geboue is wat daar staan of ken u hulle nie? -- Ja.

Wat is hulle? -- Die gebou wat 'n L vorm, dit wil sê met die rooi dak en die ander een aan die bokant met die swart dak, is die kerkgebou wat tans gebruik word as 'n saal. Die gebou aan jou regterkant op die foto daar, dit wil sê aan die regterkant van dit wat ek nou net beskryf het, is die nuwe kerkgebou wat tans gebruik vir kerkdienste.

Die wit gebou is die kerk? -- Ja.

En die rooi dak en die swart dak is nou die huidige saal? -- Ja, dit is reg. Die saal is die een met die rooi en swart dak en die wit een is die kerkgebou.

En as ek praat van die saal, is dit die plek waar politieke vergaderings plaasvind? -- Nee, dit is waar ons, die mense van Evaton vergaderings hou, van die Rate Payers. Die vergadering van die 26ste was ook daar gehou.

Dit is waar die algemene vergaderings plaasvind en die kerk self word net vir godsdienstige byeenkomste gehou? -- Ja.

Dan wil ek u nog iets vra. 'n Bietjie hoër op, dit sê verder na die oostekant toe, is daar 'n groot gebou. Dit lyk of dit 'n dubbelverdiepinggebou is. Wat is daardie gebou? -- Dit is die skool bekend as Esokwazi.

'n Hoërskool? -- Ja.

Nou net duskant hom, is daar 'n reeks enkelverdiepinggeboue wat in die vorm van 'n hoefyster is. Wat is dit? -- Dit is 'n primêre skool. Ek weet net nie wat die naam van die skool is nie.

Die Kommissariskantoor, sien u hom op hierdie foto? -- Heel links op die foto net waar die teerstraat eindig,

dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dit wil sê aan die kant van die foto as ŉ mens bokant toe kyk, by die einde van die ry huise aan die regterkant van die teerpad, is daar ŉ rooierige kleur tussen die bome daar. Dit lyk vir my soos die plek waarna u vra. Dit is die Kommissaris se plek daardie by daardie bome.

Vilakazistraat, ken u daardie straat? -- Nee, ek ken nie daardie straat nie.

MNR. JACOBS : Miskien om dit makliker te maak, ek gaan vir jou nog ŉ foto gee waar die kerk nog op die voorgrond is maar meer van die agtergrond en van daardie geboue. Sal jy net daarna kyk. Dit is ook ŉ lugfoto. Net om die foto te identifiseer, hier onder in die regterhoek is die rooi gedeelte van daardie kerksaal, wat jy sê wat as ŉ kerksaal gebruik word en dan ŉ stukkie van die deel van die swart dak deel, wat beskryf was vroeër as die swart dak deel. -- Ja.

En hier aan die linkerkant van daardie gebou is Selbournelaan wat nou net meer uitgewys word wat taamlik ver bo oploop aan die oostekant? -- Ja.

En daar kom daardie rooi ook weer uit wat jy nou net uitgewys het wat jy sê wat die kantore van die Kommissaris is, daar waar die lang bome is. Kan jy nou in staat wees om dit beter te kan identifiseer? -- Ja, dit is die gebou.

HOF : Dit sal CA6 wees.

MNR. JACOBS : Net om hierdie foto's nou heeltemal klaar te maak. CA5, ŉ mens kan na die kerk toegang verkry alleen in daardie systraat en nie van die teerstraat af nie, ek bedoel nou met ŉ groot hek en so aan. Die toegang is daar tussen die twee geboue daar waar die een groot boom se skaduwee val. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

HOF : Kry ŉ mens ingang onder daardie boom wat die lekker

koelte/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

koelte maak? -- Ja.

MNR. JACOBS : Waar is die pastorie, om dit so te noem, die kerk op hierdie foto? Die huis van die predikant? Is daar 'n huis van die predikant op hierdie foto? -- Bedoel u die kleedkamer van die predikant?

HOF : Nee, die "rectory"? -- Nee, die predikant woon nie daar op daardie perseel nie.

MNR. JACOBS : Hierdie huis wat hier in die voorgrond staan net voor die kerksaal, jy sal sien heel in die voorgrond hierdie huis, weet u wat se huis dit is of is dit 'n huis? Van hom af loop daar lyk my so 'n voetpaadjie reguit na die kerk se kant toe? -- Ja, ek sien. Dit is die opsigter se woning.

En dan daardie voetpaadjie loop dan tussen geboue deur voor dit daar soort van die vierkant vorm. Wat se geboue is daardie hier by die boom waar die voetpaadjie deurgaan tussen twee geboue deur, daardie hele reeks geboue? Kan jy vir ons wat se gebou dit is? -- Die een aan jou linkerkant soos jy nou na die foto kyk, langs die voetpaadjie aan jou linkerkant, is die latrine. Regoor die latrine is die ou woning van die opsigter.

As jy nou na die tweede foto kyk, CA6, as jy hier aan die linkerkant van Selbournelaan kyk is daar blykbaar so 'n stuk oop veld, grond? -- Ja, ek sien dit.

Dan net daarso bokant by die Kommissariskantoor waar die pad so 'n effense draai na links maak, op die linkerkant daarvan is dit Gebied 7? -- Ja, dit is so.

Nou wil ek hê jy moet kyk, ek sal my kaart vir jou gee, dit is BEWYSSTUK AAR1, om dit makliker te maak het ek 'n plakkertjie geplak hier waar die kerk is. By punt 1 die

Rooms/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Rooms Katolieke Kerk en dan daar by Gebied 7 het ek so 'n plakkertjie plak en hier heel agter het ek ook so 'n plakkertjie geplak. Ek wil jou oor hierdie drie vra. Daar by die eerste een by Heath Road se kant sal ek sê van die kerk, was dit min of meer waar jou huis is?

HOF : Op AAR1 het ons by wyse van 'n nommer die getuie se huis aangedui. Die nommer is 62.

MNR. JACOBS : Dit is om hom net makliker te sien met al hierdie swart.

HOF : In hierdie hof staan dit vas, wat u ook al sê, mnr. Jacobs, nr. 62 is die getuie se huis.

MNR. JACOBS : Daar by punt 2, dit is die kerk. Jy weet dit, nè? -- As ek reg is, met die plakkertjies wat u opgesit het, die een in die middel, is dit die een wat u sê is 1?

Daar staan 'n 1 op daardie punt. Vergeet die plakkertjies maar. -- Is dit die een wat omring is?

Ja?-- Ja, dit is die een wat ek sien.

Dit is die kerk, nè? -- Ja.

Ek het daar 'n ander een gemerk, 'n punt 66, dit is waar ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ja, maar u maak nou 'n probleem, want die 66 is nie 'n amptelike nommer op die kaart voor die Hof nie.

MNR. JACOBS : Ek sal dit probeer identifiseer en dan op die kaart aanbring.

HOF : Die volgende nommer is 65.

MNR. JACOBS : Die Hof het gevra ons moet met die verdediging ooreenkom oor sekere plekke en punte wat uitgewys moet word. Ons het al sekere plekke uitgewys en nommers gegee waarop ons ooreenkom en dan vir die Hof sê en hierdie nommers is van daardie nommers wat ons toegeken het.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MR BIZOS : We have never been approached or shown anything. I do not know what My Learned Friend is talking about.

MNR. JACOBS : Mnr. Fick het met mnr. Tip gaan praat daaroor en hulle sou teruggekom het. Dit het nog nie teruggekom nie.

HOF : Wel, in elk geval, ek het nie gehoor dat daar oor iets ooreengekom is nie. U kan intussen maar voortgaan op u eie nommers. Ek sal my eie nommers gee as dit nie pas nie. U vra die getuie nou om 'n punt te identifiseer en as hy die punt geïdentifiseer het, dan sal ek die punt aanbring op my kaart as dit belangrik genoeg is.

MNR. JACOBS : Kan u vir die Hof sê daardie punt, is dit die kollege, die Sebokeng Kollege, daardie geboutjie wat die wit merkies daar is? -- Teachers Training College? Is dit wat u bedoel?

Ja, Sebokeng College? -- Ja, dit is die punt daardie.

HOF : Toon net vir die getuie die 66 wat ek op die kaart aangebring het. -- Ja, ek sien dit.

Is dit korrek? -- Ja, dit is korrek.

Ek skryf dan hier neer by nommer 66 op die indeks Teachers Training College.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 13 MAART 1987.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.